die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 365 • Oktober 2023



LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Kor. 1:23-24

Oktober 2023 | No. 365

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Nét TULIP?

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Henning Dafel**
Duskant TULIP: Lesse uit die geskiedenis en die erfenis van die Dordtse Leerreëls ..... 1

**AMPTELIK** ..... 3

**ONTVANG DIE WOORD**
**Tim Keller**
Kennis en die liefde van God ..... 4

**HOOFARTIKEL**
**Prof. Alwyn Swanepoel**
Daar is meer: Hoe om ’n 37-punt-Calvinis te wees ..... 8

**ARTIKELS**
**Dr. Erik van Alten**
Die tulp – vyf blommetjies of die hele ruiker? ..... 12
**Ds. Johan Schütte**
*Cur Deus Homo* – Die enigste Weg uit ons verdorwenheid ..... 16
**Ds. Dubois du Toit**
Onvoorwaardelike uitverkiesing: Die gedagtes van Augustinus ..... 18
**Ds. Willem van Schalkwyk**
Beperkte versoening by Calvyn ..... 20
**Dr. Adi Schlebusch**
Onweerstaanbare genade – Gregorius van Nazianze ..... 22
**Prof. Gerrit Smit**
Die volharding van die heiliges volgens Cyprianus ..... 24
**Dr. Brian A de Vries**
Wat beteken dit om gereformeerd te wees? ..... 26

**AKTUEEL**
Huldeblyk: Ds. Gert Visser ..... 6
Bybelwoordblok ..... 7
90-jaar ..... 11
Smeltoond: “Reisgids” der reisgidse ..... 15
Antwoorde: Bybelwoordblok (September 2023, bl. 12) ..... 17
Gemeentenuus ..... 28

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**
**Dr. Pieter Mulder**
Oorlogstydse Radio Zeesen ..... 34

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Pieta Oosthuizen**
Aan die anderkant van die wêreld ..... 35

**VOORBLAD:**
**Die tulpe op die voorblad verwys na die Engelse akroniem TULIP as samevatting van die kernwaarhede van die gereformeerde leer.**

**REDAKSIE**
**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss
**Subredakteur**
Mev. C Möller
**Redaksielede**
Di. RK Combrink, HJ Dafel, A Hough
**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za
**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**
**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516, Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Duskant TULIP: Lesse uit die geskiedenis en die erfenis van die Dordtse Leerreëls

**Ds. Henning Dafel**[1]

Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) was 'n belangrike internasionale samekoms van gereformeerdes. Dié sinode is in Dordrecht byeengeroep om 'n teologiese dispuut wat in en om die Nederlande ontstaan het, aan te spreek. Die middelpunt van hierdie dispuut was die leer van die teoloog, Jacob Arminius, en sy volgelinge. Hulle het geleer dat mense moet kan kies of hulle gered wil word of nie.

## Jacob Arminius (1559-1609)

In die laat 16de eeu was daar 'n groeiende weerstand teen belangrike gereformeerde leerstellings. Aanvanklik was Arminius 'n belowende student aan die Geneefse Akademie wat geen sigbare dwaalleer voorgestaan het nie. Ná voltooiing van sy studies ontvang hy selfs 'n getuigskrif van Theodor Beza. Vrae oor sy geloofsoortuigings ontstaan eers in 1590, maar invloedryke vriende beskerm hom telkens. Teen 1594 kom hy met 'n nuwe interpretasie van Romeine 7 vorendag: dat Paulus nie 'n verloste persoon beskryf nie, maar wel 'n ongeregverdigde. In 1596 kom hy tot die gevolgtrekking dat 'n mens 'n bydrae moet maak om gered te word – jy moet God se redding gaan soek. Op slinkse wyse bely hy oënskynlik dat 'n mens deur geloof alleen gered word, terwyl hy die betekenis van die begrippe "uitverkiesing" en "geloof" verander.

Besorgde predikante sien rooi ligte, maar tydens gesprekke met Arminius gee hy telkens goeie antwoorde – daar was geen konkrete bewyse van dwaalleer nie. Ondanks al die onsekerheid stel die Universiteit van Leiden hom as professor in Teologie aan. Daar kry hy egter gou teenstand. Na bewering het hy geleer dat God mense nie uitverkies nie, maar omdat God vooruit weet wat 'n mens gaan doen, kies Hy jou op grond van daardie keuse (Pelagianisme).

In 1605 dring gereformeerde predikante aan dat daar met die tug teen Arminius en sy volgelinge opgetree word, maar politici weier om 'n nasionale sinode byeen te roep. So 'n inisiatief sou Nederland se moeilike verhouding met hul Rooms-Katolieke koning (Phillip III van Spanje) verder versuur. Aan die ander kant het die invloedryke Arminiane probeer om 'n sinode byeen te roep om die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus in lyn met Arminius se idees te bring – iets wat Nederland se verhouding met Spanje nie sou beïnvloed nie.

## Die dispuut duur voort

Arminius se dood (1609) los dié dispuut nie op nie. In 1610 publiseer die Arminiane (Remonstrante) 'n beswaarskrif (Remonstransie) teen die gereformeerde leer waarin hulle vyf besware teen die gereformeerde leer uiteensit. Die gereformeerdes (Kontraremonstrante of Calviniste) reageer uiteindelik by die Sinode van Dordrecht (1618-1619) daarop. Opsommend verklaar die Arminiane:

1. Uitverkiesing word bepaal deur vooruitgesiene geloof en gehoorsaamheid.
2. Almal word gered; dié wat glo ontvang dit.
3. Die mens is nie dood in sy sonde nie, net siek (beperkte menslike verdorwenheid).
4. Genade kan verwerp word (vrye wil).
5. Jy kan jou redding verloor.

Die Sinode reageer punt vir punt op die vyf besware en teenoor die Arminiane bevestig die gereformeerdes die ou leerstellings van die kerk. Omdat Dordt van mening was dat die derde en vierde punte baie naby aan mekaar lê, hanteer hulle hierdie twee punte saam.

- Die eerste hoofstuk fokus op **onvoorwaardelike uitverkiesing** en bevestig dat God kies wie gered of veroordeel word. Die mens kan geen bydrae maak nie.
- Die tweede hoofstuk fokus op **beperkte versoening** en verduidelik dat Christus se kruisdood slegs versoening bring vir hulle wat deur God uitverkies is. Dit kyk ook na die manier hoe hierdie leer verkondig moet word.

1. Leraar van die AP Kerk Potgietersrus en redaksielid van *Die Boodskapper*.

- Punt drie en vier fokus op **totale verdorwenheid** en **onweerstaanbare genade**. Hierdie hoofstuk verduidelik die mens se totaal verdorwe natuur en dat hy glad nie in staat is om homself te red nie. God se genade is die enigste weg tot redding. Verder word die aard van wedergeboorte en geloof, asook die mens se verantwoordelikheid beskryf.
- Die vyfde hoofstuk fokus op **die volharding van die heiliges** en bevestig dat wanneer iemand een maal gered is, die redding nie verloor kan word nie. Dit verduidelik waarom die heiliges nie verlore kan gaan nie en bevestig die troos en bemoediging wat uit hierdie waarheid geput kan word.

***Ná hierdie oorsig móét ons die volgende verreken:***

Eerstens is dit nóg die Calviniste óf die Sinode van Dordrecht, nóg Calvyn óf die ander 16de eeuse Hervormers wat hierdie gedagtes uitgedink het. Dordt het bloot die leer van die Bybel en die kerkvaders bevesig. Ons moet onthou dat hierdie leerstellings baie ver teruggevoer kan word.

Tweedens kán ons nie in isolasie na die Dordtse Leerreëls kyk nie. Terwyl hierdie vyf onderwerpe deeglik hanteer word, het hulle 'n nouer fokus as die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus. Hierdie vyf punte is 'n gereformeerde antwoord op die Arminiaanse dispuut en in die eerste plek 'n strydskrif wat beskou moet word as 'n soort voetnota by die ander twee gereformeerde belydenisskrifte.

Laastens moet ons ook sien watter rol die Leerreëls vandag vervul. Die vyf gegewe opskrifte is nié die opskrifte wat in 1618-1619 aan die verskillende hoofstukke gegee is nie. Tog gee dit ons 'n goeie begrip van die belangrikste gevolgtrekkings wat elke hoofstuk maak. In Engels word die opskrifte met die akroniem TULIP[2] saamgevat wat wyd en syd bekend is en deur gereformeerde kerke van die 21ste eeu met groot vrymoedigheid as belydenis onderteken word. Gevolglik word selfs Calvinisme gereeld met hiérdie vyf punte (TULIP) omskryf.

Waar laat dit gereformeerdgesinde kerke vandag? Kortweg: Ons moet die dwaasheid daarvan besef om TULIP as 'n geloofsbelydenis of belydenisskrif te gebruik. Dit is 'n nuttige eselsbrug vir memorisering en 'n goeie manier om die nuanses van gereformeerde teologie te verduidelik. As 'n belydenis is dit egter 'n stomp 'n stomp mes, 'n geraamte sonder murg of spiere en op die beste 'n struktuur, maar nie 'n tuiste nie. Die punt is duidelik: So 'n skuif maak dat ons ontsaglik baie verloor.

Ons moet ook verstaan dat ons nie TULIP of selfs die Dordtse Leerreëls in sy geheel as die een en alles van Calvinisme of gereformeerde teologie kan sien nie. Om slegs hierdie Leerreëls as belydenis te gebruik, beteken dat jy gereformeerde teologie in 'n wapen verander. As belydenis sê die Dordtse Leerreëls of TULIP min of selfs niks oor die aard van die Skrif, persoonlike vroomheid, gebed, die sakramente of die nature en Persoon van Christus nie. Gevolglik sal jy 'n groot deel van die vaste fondamente van troos waarop hierdie Leerreëls gebou is, verloor as jy die gereformeerde leer hiertoe beperk. Kortom, jy sal presies weet waarteen jy standpunt inneem, maar jy sal 'n uiters beperkte begrip hê van dít waarvoor jy wel staan.

Om Calvinisme en meer spesifiek Calvýn die draaipunt van die gereformeerde Christendom te maak, is soos om anker te gooi op 'n nuwe sandbank en nie op die ewige Rots nie. Dit beroof gereformeerde kerke van die volheid van hul identiteit as 'n tempel van die Heilige Gees wat op die ewige Rots gebou is. Geen mens of mensgemaakte sisteem kan soortgelyke sekuriteit bied nie. Ons is lewende stene in 'n baie ou geestelike gebou. Ons is egter redelik onlangs as stene in hierdie tempel van die Heilige Gees ingebou – soos ook Ursinus (Heidelbergse Kategismus), De Brés (Nederlandse Geloofsbelydenis) en Calvyn (wat beide direk beïnvloed het). Ons moet hulle waardeer, maar nie oorwaardeer nie. Ook húlle is op steeds ouer stene gebou – Anselmus van Kantelberg, Gregorius van Nazianze, Augustinus van Hippo, Cyprianus van Karthago, wat op hul beurt weer op die fondament van die apostels gelê is (vgl. Efés. 2:20). Buiten die Woord van God is geen geskrif onfeilbaar nie en daarom moet ons selfs verby die Sinode van Dordrecht, Ursinus, De Brés en Calvyn kyk om die groot genade wat God deur die eeue aan sy kerk gegee het, te waardeer, want daar is meer.

TULIP en die Dordtse Leerreëls is monumente van God se genade aan sy kerk en ons moet die tyd neem om dit op 'n gepaste wyse te waardeer. Tog moet ons nie kortsigtige slagoffers wees van 'n kultuur wat sy eie fondament onder homself uitgrou nie. As ons die gevare van verskraling verstaan, sal dit ons help om te besef dat ons net soveel genade vir ons eie en toekomstige generasies van die kerk kan verwag. Hoe meer ons dít sien, hoe meer hoop sal ons hê vir die toekoms van Christus se kerk. ☺

2. **T**otal depravity, **U**nconditional election, **L**imited atonement, **I**rresistible grace, and **P**erseverance of the saints.

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Francois de Bruin (Bethlehem) na Frankfort.
- Ds. Adriaan Apelgryn (Arnot/Hendrina) na Hardeveld.
- Ds. Jannie Bisschoff (Gordonia) na Benoni.

### Beroepe bedank

- Ds. Dewald Cronjé (Riversdal) na Frankfort.
- Ds. Jannie Bisschoff (Gordonia) na Benoni.

## BEDIENINGSOOREENKOMS

Nuwe bedieningsooreenkoms tussen AP Kerk Vanderbijlpark en AP Kerk Meyerton. Eredienste soos volg: Vanderbijlpark: 08:30, Meyerton: 10:00.

## *DIE BOODSKAPPER*

### Advertensietariewe 2023

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R210 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R550 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R1 150 | R2 500 *(binne-agterblad)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R2 000 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R3 250 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 050 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 000 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 400 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R7 300 |
| *50% afslag indien AP kerksake geadverteer word.* | | | |

**Bankinbetalingsbesonderhede:**
Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Elektroniese takkode: 632 005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

### Beplande verskyningsdatums 2023

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **November** | 14 September | 26 Oktober |
| **Des. 2023/Jan. 2024** | 13 Oktober | 27 November |

## SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 3 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 9 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 1 Oktober – 11 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 2 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 8 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 30 September – 11 Desember

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2023

| | |
|---|---|
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **30 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2024

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **29 Maart*** | Goeie Vrydag |
| **1 April*** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Mei** | Hemelvaart |
| **19 Mei** | Pinksterfees |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **17 Junie*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **27 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |



# Kennis en die liefde van God[1]

**Dr. Tim Keller[2]**

**Skriflesing:** Efésiërs 3:14-21 • **Sing:** Gesang 274:1, 2, 4

Daar is mense wat Christelike spiritualiteit sónder moraliteit wil hê: Die kerk moenie vir ons voorskryf hoe ons moet leef nie – ons wil God "voel", dis al! Ander wil weer moraliteit sonder spiritualiteit hê: In óns kerk leer jy net van die Bybel se reëls vir 'n goeie lewe – geen "spiritualiteit" hier by ons nie! Die Bybel leer egter niks van hierdie tweedeling nie. In Efésiërs 3:14-21 (Paulus se gebed vir die Efésiërs) kry ons 'n volledige teologie van Christelike spiritualiteit: ons moet nie net bewus wees dat daar 'n God is nie, ons moet Hom ontmoet; ons moet nie net weet dat Hy liefdevol is nie, ons moet sy liefde beleef, ons moet nie net weet dat daar volheid en heerlikheid in Hom is nie, ons moet daarmee vervul word. Die apostel Paulus se gebed lig ons godsdiensbelewing op drie vlakke toe: die realiteit van hierdie belewing, die aard daarvan en die middele daarvoor.

## Die realiteit van die belewing

Paulus bid vir twee dinge: dat *Christus deur die geloof in* [hul] *harte kan woon* (v. 17) en dat hulle Christus se liefde ken sodat [hulle] *vervul kan word tot al die volheid van God* (v. 19). Romeine 8, Johannes 14 en talle ander plekke leer dat as die Gees van Christus nie in jou hart woon nie, jy nie 'n Christen is nie. Kolossense stel wat dit beteken om 'n Christen te wees: ... *in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en dan: ... julle het die volheid in Hom* ... (2:9-10). Dit is een ding om Christus in jou hart te hê en 'n ander ding om dit te beleef. Dit is soos om miljarde in die bank te hê, maar arm te leef. Elke gelowige besit per definisie reeds die dinge waarvoor Paulus hier bid. Dit lei dus tot die vraag: Waarvoor vra hy dan as hulle reeds hierdie dinge besit? Sy antwoord: Iets meer. 'n Belewenis daarvan wat meer as net kopkennis is, maar wat die hart raak en lewens verander.

## Die aard van die belewing

Dit is baie belangrik om eers te verstaan wat dit nié is (doen) nie en dan wat dit wel is (doen). Eerstens skei Christelike spiritualiteit nie emosie en denke nie. Aan die begin van ons Skrifgedeelte staan daar: ... *buig ek my knieë* ... (v. 14). In Paulus se tyd het gelowiges hoofsaaklik gestaan tydens gebed. Jy het net gekniel wanneer iets jou verpletter het of iets oor jou gekom het – dit was 'n uitdrukking van diepe emosie. Lees jy hierdie gebed in Grieks, is die grammatika baie moeilik. Paulus is hier baie gelukkig en opgewonde. Hy gebruik woorde soos ... *die breedte en lengte en diepte en hoogte* ... (v. 18). Die sinne is nie volledig nie. Daar is ongelooflike emosie, maar daar is ook geweldige intellek – Paulus is nie buite beheer nie. Hier is diepgaande, helder, indringende, gedetailleerde, Trinitariese teologie. Ons is geneig om leerstellings van emosie te skei. Christelike kerke wat klem op emosie lê, dink leerstellings en teologie is nie belangrik nie en Christelike kerke wat baie klem op teologie plaas, is bang vir emosie. Hierdie twee dinge kom hier bymekaar: emosie en denke; dieper denke as ooit, dieper emosie as ooit. Hulle gaan saam; jy kan die twee nie skei nie.

Tweedens skei Christelike spiritualiteit nie die individu en die gemeenskap van mekaar nie. Voor wie buig die apostel die knieë? Voor God ... *die Vader* ... *van wie elke geslag* ... *sy naam ontvang* (v. 14-15). God is dus 'n "Familiegod": ... *saam met al die heiliges* ... (v. 18). En in vers 21: ... *in die gemeente.* Moderne mense wil spiritualiteit hê, maar hulle wil nie deel van 'n kerk wees nie. Hulle wil nie aanspreeklik wees nie. Hulle wil nie deel van 'n groep wees nie. Hulle wil individuele spiritualiteit hê. Hulle wil dit hê wanneer húlle dit wil hê. Die Bybel ken

nie hierdie soort skeuring nie. Dit weier om die individu van die groep te skei. Die gevolgtrekking is dat dit net in ’n gemeenskap met Christenbroers- en susters is, waar jy saam bid en met wie jy oor Christus praat, waar jy ware Christelike spiritualiteit sal beleef.

Derdens beteken Christelike spiritualiteit nie om jou van die wêreld te onttrek nie. Oor al die geslagte heen was dit God se plan om van Christus af, deur die kerk, sy koninkryk uit te brei; om die Woord deur offerdiens te bring; om ’n lewe van offerdiens te laat leef. Deur diep betrokke te raak by mense se lewens (by hul seerkry en behoeftes), raak jy ook opofferend betrokke. Daarom moet jy nie verwag om God te beleef as jy jou uit die wêreld onttrek nie.

Wat ís Christelike spiritualiteit dan? Paulus bid in vers 18: *... en julle in staat kan wees om ... ten volle te begryp ...* Waarom gebruik hy die woord “begryp”? Die Griekse woord vir “begrip” is *katalambanō*, ’n baie interessante woord wat “om ’n hinderlaag te lê” beteken. In 1 Thessalonicense 5:4 sê Paulus: *... nie in duisternis, dat die dag* [oordeelsdag] *julle soos ’n dief sou oorval nie.* Hy gebruik die woord *katalambanō* op die gewone manier: om na ’n hinderlaag te verwys. Wanneer jy jou in ’n hinderlaag vasloop, is jy verras; jy is onder iets/iemand se beheer – jy word deur die verrassing in die hinderlaag “oorval”.

Wanneer die Bybel oor die verskil tussen kennis (in die kop) en belewing praat, gebruik dit altyd sintuiglike taal. In Efésiërs 1:18-19 sê Paulus eintlik: “Ek wil nie hê julle moet net weet nie; ek wil hê julle oë moet verlig word om te sien.” Toe Job God uiteindelik heel aan die einde beleef het, sê hy: *Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien* (Job 42:5) – selfs al weet ons uit die teks dat hy niks gesien het nie.

Dit is een ding om te weet dat God liefde is. Dit is ’n ander ding om dit te sien, dit te hoor, dit te proe, daaraan te raak. Die Bybel gebruik sintuiglike taal, wat beteken dat daar ’n gevoel is wat die “hart” van waarheid het. Dit is een ding om ’n waarheid te ken; dit is ’n ander ding om dit in die hart te beleef. Dít is wat die Heilige Gees doen. Wanneer die waarheid in jou innerlike wese deur die krag van die Gees afdaal, dan weet jy dit nie net nie, jy beleef dit. Jy proe dit. Jy sien dit. Jy hoor dit. Dit neem besit van jou. Dit hinder jou. Jy het gedink jy ken dit, maar nou is jy in die hinderlaag – jy word daardeur beheer. Jy sê: Ek het gedink ek verstaan, maar ek het dit nog nooit “gesien” nie. Die apostel Petrus het ook gedink hy weet, maar hy moes dit ook eers sien. In Handelinge 10, ná die visioen waar God sê: “Petrus, jy moet die heidene as gelykes in die kerk toelaat,” sê Petrus: *Ek sien* [katalambanomai] *waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie* (v. 34). Nou het dit vir Petrus werklikheid geword. Hy het hom in ’n hinderlaag vasgeloop en nou het dit afgekom; ín hom gekom. Dít is waarna jy soek.

## Die middele vir belewing

Hoe krý ons dit? Daar is drie middele wat ons met die belewing van waarheid kan help: geestelike voorbereiding, evangeliebegrip, waarheidsbepeinsing.

### *Geestelike voorbereiding*

Wát moet die woorde: *om ... ten volle te begryp ...* (v. 18) voorafgaan? Die Heilige Gees moet jou hart voorberei. Paulus sê: “Ek bid dat jy deur die Heilige Gees in jou binneste versterk sal word” (vgl. v. 16). Voordat jy dit kan begryp of vind, moet God iets aan jou hart doen. Jý moet begin deur te sê: “Here, ek weet ek is nie daartoe in staat nie. Help my.” Jy moet bely dat jy weet dat dit ’n geskenk is. Die punt is dat jy God moet soek en nie die belewing nie. Slegs dan sal jy die waarheid só beleef, want Hý is die Bron van daardie belewing.

### *Evangeliebegrip*

Waarom is ’n goeie begrip van die Evangelie so belangrik? Die Here Jesus het gesê: “Sodat hulle kan leef, moet Ek sterf.” Wat tref jou dieper as dit? In hierdie opsig is Christenskap uniek. Elke ander godsdiens sê: Hier is die beginsels. Hier is die reëls. Hier is hoe om ’n god te vind. Gaan bepeins die reëls. Maar let op wat Paulus sê: *... begryp ... die breedte en lengte en diepte en hoogte ...* (v. 18). Van wat? Van die liefde van Christus.

Dink aan die breedte. Waar sien jy die breedte van God se liefde? Aan die kruis: *En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek* (Joh. 12:32). Die hele punt van die kruis is dat dit nie saak maak wat jy is of wie jy is of wat jy gedoen het nie ...

**As jy die lengte van die liefde van Christus wil sien, kyk na die kruis. Jesus Christus sê oor die lengte van die eeue heen: “Ek gaan my lewe vir jou opoffer.” En Hy hét, aan die kruis.**

---

1. “Knowledge and the love of God,” in *Ephesians – God’s New Society*, Ephesians 3:14-21 (Timothy Keller Sermon Archive, logos.com, 7/12/1998). Vertaal en opgesom deur Charlotte Möller.

2. Ontslape leraar van Redeemer Presbyterian Church, New York.

Soek jy na die diepte van God se liefde? Kyk na die Here Jesus se woorde aan die kruis: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* Dit is aan die kruis, in die Evangelie, in die verhaal van Jesus Christus, waar jy die breedte en lengte en diepte van God se liefde sien

Wat is die hoogtepunt van God se liefde? Jesus sê: "Ek het gesterf sodat jy kan wees waar Ek is." In Johannes 17 sê Hy: "Vader, Ek wil hê dat hulle die heerlikheid moet hê wat Ons gehad het voor die wêreld begin het." Hy sê verder: *In die huis van my Vader is daar baie wonings ... Ek gaan om vir julle plek te berei* (Joh. 14:2). Dit is die hoogte. Dit is Jesus Christus wat vir jou gesterf het, wat vir jou die breedte en die lengte en die diepte en die hoogte wys van wie God is. Wanneer jy dit begryp en wanneer jy die Evangelie sien, sal jy daar, en net daar, vind dat jou kennis in belewing verander.

### *Waarheidsbepeinsing*

Bepeinsing beteken om in die teenwoordigheid van God die waarheid wat jy sopas gelees het, te oordink en om Hom hierdie vraag te vra: "Here God, as ek regtig in die diepte van my wese geweet het wat ek sopas gelees het, hoe sou ek anders wees? Hoe sou my emosies anders wees? Hoe sou my wil anders wees? Hoe sou my optrede anders gewees het, as ek dit regtig in die diepte van my wese geweet het?"

Daar is 'n wonderlike lied wat soos volg lui:


> **"Die berg Sion gee**
> **duisende heilige soetigheid,**
> **voordat ons die hemel betree,**
> **of stap deur goue strate wyd."**

Die skrywer beklemtoon dat ons in hierdie lewe reeds iets van hierdie soetigheid sal beleef. Proe jy dit? Het jy van dit? Dít is ware spiritualiteit. Dít is waarna mense smag. Dit is by die kruis van Christus waar jy die breedte en die lengte en die diepte en die hoogte van die liefde van God, wat Christus aan ons gegee het, sal sien.

**HULDEBLYK:**

# Gert Petrus Visser

## 4 Mei 1956 – 20 Julie 2023



***Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloofd!* (Job 1:21)**

Gert Petrus Visser is op Christiana gebore. Hy het ná skool sy teologiese studie aan die Universiteit van Pretoria (1974) begin en ná voltooiing van die BA-graad, behaal hy in 1980 die BD-graad.

Ds. Visser het gemeentes in die Nederduitsch Hervormde Kerk ywerig bedien: Stella (1982), Hartbeesfontein (1984), Makwassie (1985) en Sannieshof (1992-1997). Vanaf 25 November 1997 is hy leraar in die Afrikaanse Protestantse Kerk en bedien met dieselfde ywer die volgende gemeentes: Dendron (1998), Olifantshoek/ Postmasburg (2001), Petrusburg/Koffiefontein/ Jagersfontein/Fauresmith (2009). Hy emeriteer op 30 September 2011 en bedien die Vaalharts-gemeente met beperkte dienstermyn vanaf 2015.

Ds. Visser is op 20 Julie onverwags aan 'n hartaanval oorlede. Hy was getroud met Sophia Dorathea Visser (née Lemmer). Uit die huwelik is drie dogters en een seun gebore. Daar is tien kleinkinders. Hy sal altyd deur sy geliefdes, familie, gemeentes en vriende onthou word as 'n kind van ons hemelse Vader.


**In liefdevolle herinnering.**
**Sy gesin**

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR 2023

# GOD BEWERK KENNIS IN ONS

Baie kennis van God beteken nie dat jy geloof het nie. Maar as jy niks van God af weet nie, is geloof totaal onmoontlik.

*Erkenning: Ds. Henning Dafel, "Geloofsekerheid: God bewerk kennis in ons," in Onder sy Heerskappy, 270.*



**VRAAG: Waarom het Israel in ballingskap gegaan?** Skryf die letters in die sirkels in volgorde van bo na onder in die ruitjie en kry die antwoord.

## DWARS (Leidrade uit Jesaja 5:1-16)

1. 'n Toring is opgerig (5:2))
3. Die muur is verflenter (5:5))
8. Dit word nie raakgesien nie (5:12)
10. Soveel morge lewer 1 bat (5:10)
12. Om te beswyk aan dors (5:13)
13. 'n Snaarinstrument (5:12)
14. 'n Druiwepers is uitgekap (5:2)
16. Dui op oormaat wynverbruik (5:11)
19. Simbool van uitspattige lewe (5:12)
20. Verhewenheid laer as 'n berg (5:1)
21. Opbrengs van 1 homer saad (5:10)
23. Uitkykpunt dien as wagpos (5:2)
25. Om gekrenk te word (5:15)
27. Sinspeel op inpalm van grond (5:8)
30. Hul regspraak is selfkritiek (5:3)
31. Versperring wat verwoes word (5:5)
32. Dui op voortreflke gehalte (5:2)
34. Dui op Eienaar van wingerd (5:1)
38. God se bevelende opdrag (5:6)
39. Diegene versmag van dors (5:13)

## AF (Leidrade uit Jesaja 5:1-16)

1. 'n Tekort aan kennis (5:13)
2. Om uit te hol (5:2)
3. Om liefde musikaal te bewys (5:1)
4. Verskeie grootte gesteentes (5:2)
5. Vooruitsiening van goeie oes (5:4)
6. Wyse van grondomkering (5:2)
7. 'n Musiekinstrument (5:12)
9. Die naam van die Suidryk (5:3)
11. Wingerd so reggeknip (5:6)
12. Produktiewe grondkwaliteit (5:1)
15. Dui op die vooraanstaandes (5:14)
17. God sal Hom só laat ken (5:16)
18. 'n Blaasinstrument (5:12)
19. Simboliek van God se sorg (5:6)
20. Dit lewer slegs 1 efa saad (5:10)
22. God se regshandeling (5:16)
24. Dui op oordeel oor wingerd (5:5)
25. Hul gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis (5:13)
26. Hulle oorgroei die wingerd (5:6)
28. Dui op 'n gulsige monster (5:14)
29. God kan die neerslag verhoed (5:6)
30. Aanwas van dorings (5:6)
33. Dit tot murasies veroordeel (5:9)
34. Maatinhoud van 1 kruik saad (5:10)
35. Die arbiters in 'n regsgeding (5:3)
36. God se verlustiging (5:7)
37. Hierop gee hulle geen ag nie (5:12)

HOOFARTIKEL



# Daar is meer: Hoe om 'n 37-punt-Calvinis te wees

**Prof. Alwyn Swanepoel**[1]

**Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) help ons om meer as 'n 5-punt-Calvinis te wees. Daar is tereg vyf belangrike punte wat handel oor bepaalde vrae in die verlossingsleer (die Dordtse Leerreëls), maar die NGB help ons om hierdie vyf punte in te bou in 'n meer omvattende visie van 37 artikels. Hierdie 37 punte daag ons uit oor baie beelde in ons kop asook denkbeelde in vandag se samelewing.**

Ons hoor nogal dikwels die woord "selfbeeld" en reformatoriese Christene is gewoonlik gou en reg om daarop te wys dat ons eerder aan 'n goeie Godsbeeld moet werk. Dit is mos die diepste kuur vir onsself en ons samelewing. Ons dink nie altyd so daaraan nie, maar die NGB help ons op 'n verrassende wyse om nóg meer omvattend hieraan aandag te gee.[2]

Wanneer ons na die artikels in terme van denkbeelde kyk, kom dit duideliker uit die verf dat alle Christene onvermydelik die een of ander gevormde beeld hieroor het. Ons sou selfs kon sê dat gevormde denkbeelde hieroor, al is dit afvallig, selfs vir ongelowiges en dwaalleraars onvermydelik is. Die rede is dat hierdie sake, soos wat dr. RJ Rushdoony in 'n ander konteks dit gestel het, werklikhede verteenwoordig waaraan ons nie in hierdie wêreld kan ontsnap nie (*inescapable concepts*). Hier kan slegs beginstrepe getrek word om aan te dui hoe die NGB vanuit die Woord kan help om die heidensamelewing met sy New Age-konsepte, met die reformatoriese alternatief tegemoet te tree.

## Ons Godsbeeld (Godsleer: Artikel 1-13)

Almal het die een of ander siening van wie God is. Sommige meen dat hulle nie die konsep "God" aanvaar nie en dat hulle ateïste of agnostici is. Die Christelike joernalis, Brandon McGinley, het egter raak opgemerk dat die teenoorgestelde van geloof in God nie ateïsme is nie, maar afgodery. Hy sê as ons nie die lewende God dien nie, ons enige aantal gode wat ons vir onsself skep, sal dien. Hierdie opmerking is waar. Mense is nou een maal so dat ons, in die sentrum van ons lewens, dít opstel wat ons as "lewe" beskou. Dr. Tim Keller is bekend vir sy stelling dat die heidene in 'n sekere sin eerliker as ons hieroor was. As hulle byvoorbeeld gedink het skoonheid is "lewe", het hulle daarvan 'n beeld gemaak, dit aanbid en daaraan 'n naam gegee: Afrodite – eerlik genoeg om daaraan sekere goddelike status te verleen.

Artikel 1 konfronteer egter reeds alle soorte afgodery met die lewende God. Hy is enersyds onvergelyklik en andersyds so naby ons in sy goedheid en regverdigheid. Elkeen van die woorde hier gebruik om Hom te beskryf, nooi uit tot 'n hele wêreld van ontleding. Die groot gereformeerde teoloog, prof. Herman Bavinck (1854-1921), het reeds in sy tyd gehelp om perspektief te kry oor die basiese alternatiewe waartoe mense sonder die lewende God hulle wend.

> **Hy het daarop gewys dat wanneer ons net op God se grootheid (sy transendensie) fokus, ontwikkel ons 'n Godsbeskouing waar Hy baie veraf is (deïsme). Wanneer ons aan die ander kant net op sy nabyheid (immanensie) fokus, het ons weer 'n Godsbeskouing wat heeltemal te klein oor Hom dink. Dan grens dit aan, óf val vir voorstellings waarin ons almal sogenaamd deel van die goddelike is (panteïsme). Die klein dink sluit verder ook in dat verskillende groepe elkeen 'n soort beperkte godheid net vir hulleself daarstel en daaraan name gee soos hulle dit sien (pluralisme).**

Gou besef ons hoe hierdie ontleding op ons dag van toepassing is, veral as ons besef dat pluralisme eintlik

neerkom op 'n soort veelgodedom wat nou geakkommodeer moet word (politeïsme). Prof. Bavinck help ons om te besef dat hierdie soort Godsbeskouing uit pas is met wat die Bybel en artikel 1 oor die lewende God se onvergelyklikheid leer. Dit is daarom te verwagte dat New Age-panteïsme sal gedy in 'n omgewing waar die lewende God nie meer in sy grootheid geëer word nie. Kerke wat nalaat om God se heiligheid en andersheid in Christus sterk te beklemtoon (bewus en onbewus), kan maklik 'n bepaalde soort afgodsbeeld van die lewende God aanhelp – asof Hy ons speelmaat is. Dan besef ons hoe belangrik die NGB is wat ons help om die ware Godsbeeld van die Drie-enige God (art. 1, 8-11) in ere te hou; ook sy onfeilbare Woord (art. 3-7) waarsonder ons Hom nie so sou kon ken nie. Daarsonder sien ons konkreet hoe prof. Bavinck se voorspelling voor ons oë gestalte kry.

## Ons mensbeeld (Antropologie: Artikel 14-15)

So word die mens aljuis, dikwels in lyn met die huidige godsbeeld, voorgehou as altyd-reeds delende in die goddelike vonk (panteïsme). Ons hoor ook dikwels dat die woord "sonde" taboe is, aangesien dit net patologieë by mense veroorsaak. Die vraag is egter: Waarvan wil jy dan verlos word as dit nie sonde is nie? (vgl. Mt. 1:21). Ons kan verwag dat een of ander vorm van hedendaagse positiewe herbevestiging (positive reinforcement) buite die maat inslag sal vind en dat elke mens en elke kind die Goddelike vonk wat reeds in hulleself is, net sal vind. In so 'n wêreld is dit belangrik om artikel 14-15 staande te hou wat die skeppings- en sondeleer erken en daarmee ook insien waarom dit fataal is om die sondeval te ontken. Dit moet noodwendig lei tot 'n verkeerde soort oplossing oor wie die Messias is en wat Hy eintlik gedoen het. Let wel: Ware reformasie is nie bevrees vir 'n donker sondeleer nie, aangesien ons hiermee saam ook 'n helder, skitterende Christusleer het. Die ware Messias is die heerlike oplossing wat altyd groter vergifnis en groter verlossing as die sonde waarin ons onsself gedompel het, bring.

## Ons Christusbeeld (Christologie: Artikel 16-21)

Almal het een of ander siening van wie die eintlike Redder, of dan Messias, in hierdie wêreld is. Ontkenning van die ware Messias maak iemand ook hier nie vry van die beeld of die konsep nie. Dit lei bloot tot toevlug in een of ander vals messias. Deur die geskiedenis het die staat dikwels die messias geword; wat later geblyk het 'n monster (Leviátan) te wees. Iewers moet 'n redder wees en hoe dan nou anders vir wêreldlinge as die sogenaamd almagtige staat met soveel kollektiewe krag. Die onvermydelike volg vir die eerlikes: Iemand moet ons red! En wanneer hierdie staat dan boonop allerhande plesiertjies vir sy slawe in die privaatlewe borg, soos wat dikwels die geval met slawe was, is alles in orde. Sluk net die staat se blou of rooi pilletjie, dan het jy jou redder vir jou private vryheid – van die wieg tot aan die graf.

> **In so 'n wêreld is die ware leer oor die ware Christus van artikel 16-21 uiters belangrik. Die plan van die verlossing vanuit die uitverkiesing (art. 16) en in samehang daarmee die belofte van verlossing van die begin af (art. 17), die Persoon van die Verlosser (art. 17-19) en sy werk (art. 20-21), dui aan waar ons ons heil en ons sekerheid buite onsself kan vind. Hierdie Verlosser het raad met sonde en waar die sonde in ons dag donkerder en dierliker word, is die groot troos dat hierdie Verlosser net helderder skitter. Sy Persoon en werk maak dit duidelik hoe heerlik en groot (vgl. Efés. 3:18-19) sy verlossingswerk was, sodat ons ook in ons dag sy verlossing mag ken.**

Daarom deug karige plaasvervangers nie en moet ons ook waak vir opvattings oor Jesus wat net te klein en beperk is. In 'n New Age-omgewing kan ons byvoorbeeld verwag dat vorms van die sogenaamde heidense christus (pagan christ) toenemend gehuldig sal word. Volgens hierdie opvatting ken die antieke Egiptenaars al die leer oor 'n soort kosmiese christus en moet ons nou erken dat die Christus van die Skrifte net simbolies verstaan moet word as nóg 'n variasie daarvan. Daarom is dit dringend noodsaaklik om op hierdie oerdwaling van die gnostisisme te wys. Pasop om net 'n geestelike waarde, los van geskiedkundige waarde, van Christus te erken, soos wat afvallige teologiese skole dit reeds leer. Vra mense van jou dag van watter Jesus hulle praat (vgl. Gal. 1:6-7; 1 Kor. 15; 1 Tim. 6:3) en handhaaf dan self artikel 16-21 onverkort.

## Ons verlossingsbeeld (Soteriologie: Artikel 22-26)

Almal het ook 'n siening van hoe verlossing in hierdie lewe werk. Die blote voorkoms van die woord "transformasie" wys reeds in ons dag hoe "verlossing-agtig" ons hele politieke bestel kort-kort beskrywe word. Transformasie in natuurlik in die eerste plek 'n biologiese begrip. Tog is dit duidelik dat die Skrif 'n beter oordragtelike

---

1. Professor in Dogmatologie aan die AP Akademie.
2. Die indeling van die gereformeerde teoloog, Daniel Hyde, word gebruik en effens aangepas en omgebou in 'n eie idioom om te help om 'n greep op hierdie belydenisskrif se geheel te kry.

beeld daarvan gee as wat in die hoofstroompolitiek gangbaar is (vgl. Rom. 12; Kol. 3; Efés. 4). Die NGB help ons vanuit die Skrif om die dubbele genade (*duplex gratia*) van ons verlossing te waardeer wat in die leer oor die regverdiging (art. 22-23) en die heiligmaking (art. 24-26) duidelik word. Daar leer ons hoe ons deur die krag van die Heilige Gees, langs die weg van geloof en God se wet, ware regverdiging en heiliging deelagtig word. Dit beteken 'n definitiewe alternatiewe visie op transformasie en die liberale tien gebooie wat vroeg en laat aangebied word.

### Ons Kerkbeeld (Ekklesiologie: Artikel 27-35)

Vanuit die Woord leer die NGB duidelik dat ware verlossing nie alleen 'n individuele nie, maar ook 'n gemeenskaplike saak is. Die Here het daagliks by die eerste gemeente gevoeg dié wat gered is (vgl. Hand 2:47). Die NGB lei ook tereg uit die Skrif af dat elkeen verplig is om hom by die ware Kerk aan te sluit en daarmee te verenig en hom te onderwerp aan haar leer en tug (art. 28). Hoewel ons nie moet vaskyk teen kwantiteit nie, is die meer as halvering van Afrikaners uit die hoofstroomkerke (die AP Kerk ingesluit), 'n duidelike sein van iets wat drastiese verkeerd is. Daar is 'n gees van individualisme vaardig waarin mense reken dat hulle "ja" kan sê vir Jesus (watter Jesus?), maar "nee" vir sy liggaam (die Kerk). Hier is 'n ondersoek na twee kante nodig. Enersyds moet die leierskap in Kerke hulself afvra of die plaaslike Kerk nog werklik die beeld van Christus uitdra. Andersyds moet lidmate hulleself afvra: Is daar nog onderwerping aan die leer en tug, die gesag en genade van die Kerk? Is ons werklik gewillig om te buig onder die juk van Christus en onderling aan mekaar diensbaar te wees, soos artikel 28 dit stel? Hierdie vrae aan beide kante kan grootliks aangehelp word deur 'n gefokusde oriëntasie ten opsigte van artikel 27-35. Dit sluit onder meer in die eienskappe en kenmerke van die Kerk (art. 27-29), die regering van die Kerk (art. 30-32), die sonderlinge betekenis van die sakramente in die Kerk (art. 33-35), naas die Woord.

### Ons politieke beeld (Teopolitiek: Artikel 36)

Vir te veel mense, ook in kerke, is artikel 36 (oor 'n Christelike regering) nie meer aanvaarbaar in 'n plurale opset nie. Ons moet egter onthou dat dié artikel die ideaal stel waarna ons altyd weer kan reformeer. Dit bou op die veronderstelling dat Ou en Nuwe Testament een geheel is wat in Christus na alle kante toe steeds waarde het. Daarom mag ons saam met hierdie artikel steeds afleidings maak oor Koning en altaar, staat en Kerk, wanneer ons in die Ou Testament lees oor Koning en profeet of priester. Hiermee kom ook die vraag of ons hoegenaamd nog onder die leiding van die Gees mag werk vir 'n tweede reformerende Christendom? Artikel 36 antwoord "ja" en herinner ons dat ons steeds die brandende begeerte mag koester dat die hele wêreld, ook regerings, sal buig voor die troonregte van Jesus Christus (vgl. Ps. 2; Openb. 21:24). Ook een of ander beeld oor politiek is onvermydelik en hierdie artikel herinner ons aan die droom van die Godsryk en egte en opwindende teopolitiek.

### Ons eindbeeld (Eskatologie: Artikel 37)

Alle mense het implisiet of eksplisiet 'n beeld van waarop alles afstuur. By elke nagmaal hoor ons dat die nagmaal ook 'n verwagtingsmaaltyd is. Daarmee bely ons dat alles afstuur op die groot banket, die groot bruilof van Bruidegom en bruid waarby ons eresitplekke mag hê. Ons mag uitsien na 'n lewe saam met Hom waar, soos CS Lewis dit gestel het, elke hoofstuk die vorige oortref. Artikel 37 herinner ons aan hierdie visie en dat tyd (bv. art. 36) en ewigheid (art. 37) mekaar veronderstel. Dit vuur die hoop en verlange telkens aan; dit bevestig dat elke sekonde op aarde sin het; dit laat ons saam met Gesang 353:4 sing:

> **"Eens aan die einde van my lewe**
> **sal ek van sorge en moeite vry,**
> **vir elke dag my hier gegewe**
> **U hoër, reiner loflied wy,**
> **U hoër, reiner loflied wy,**
> **U hoër, reiner loflied wy."**

Hierdie eindbeeld rig ons nou reeds en impliseer ook dat al die ander genoemde beelde in lyn daarmee is. Ja, die denkbeelde werk saam en laat ons deur doendade aan egte reformasie diensbaar wees. Laat ons dan die goud in die Nederlandse Geloofsbelydenis afstof; laat ons dit gebruik om reformasie in die krag van sy Gees te pleeg.

Het jy geweet ons publikasies kan ook aanlyn bestel word?
Gaan loer gerus by **www.liginduisternis.co.za**


# “Welkom dierbaar Woord van God”

Op Sondag 27 Augustus 1933 het die feeslied se eerste vers die vreugde van die Afrikaanse kerke verwoord. Negentig jaar later (op dag en datum) hou die Bybelgenootskap van SA (in samewerking met die FAK) ’n dankfees by die Voortrekkermonument waartydens in ’n opname geluister word hoe tannie Francina Snyman (102), hierdie woorde (in die wit blokkie regs) opsê asof sy dit gister geleer het.

In een geslag se leeftyd het die Bybel in Afrikaans van die groot dade van God gespreek: by die geboorte van ’n kind, by die sterfbed van ’n geliefde. In goeie en in slegte tye kon Afrikaanssprekendes hoor hoe God sy Woord in hul eie taal laat spreek.

Die spreekkoor van die CVO Skool Pretoria het met Skrifgedeeltes bevestig dat die Skrif alleen die volmaakte Woord van God is en die Akademiakoor het met lied bevestig dat die Woord van God in Afrikaans daagliks die lig op die gelowige se pad is. Die feesgangers het onder meer met psalms wat deur Totius berym is, in dankbaarheid met samesang bely dat God op besondere wyse met sy kinders bemoeienis maak.

**Die Bybel in die wakis het die simbool geword van die hoop waaraan die Voortrekkers vasgehou het. Soos pres. Paul Kruger se verklaring dat ’n mens uit die verlede moet neem wat goed en mooi is en daarop die toekoms moet bou, is die gawe van die Bybel in Afrikaans ook die bron waaruit ons môres gelewe moet word. Al is 90 jaar verby, lê daar nog ’n onbekende toekoms voor waarin die Woord van God sentraal moet staan.**

As simbool dat die Bybel ook die lig vir die toekoms moet wees, het persone wat in 1933 gebore is, aan skole se leiers elk ’n Bybel oorhandig.

Woorde wek maar voorbeelde trek en om die simboliese handelinge in daad te laat verwesenlik, gaan Solidariteit Helpende Hand se jaarlikse tassieprojek deel wees van die Bybelgenootskap van SA se Bybel-vir-’n-kind-projek.

In dankbaarheid kan ons feesvier, want in ons moedertaal hoor ons hoe daar van God se wonderdade gespreek word.

**Ds. Carl Vermaak**

*Welkom dierbaar Woord van God,*
*Lig in al ons lewenslot;*
*Bron van leiding, troos en krag,*
*Rigsnoer van ons voorgeslag.*
*Welkom in ons moedertaal,*
*Van die Kaap tot oor die Vaal.*
*Welkom, dierbaar Woord van God,*
*Lig in al ons lewenslot.*
*Wees voortaan die troue tolk*
*Van Gods raad aan ganse volk.*











# Die tulp – vyf blommetjies of die hele ruiker?

## *TULIP in die lig van die Dordtse Leerreëls*

**Dr. Erik van Alten**[1]

### Inleiding

TULIP is 'n akroniem wat op 'n eenvoudige manier 'n uiteensetting van die gereformeerde verlossingsleer probeer bied. Elkeen van die letters van TULIP verteenwoordig 'n sentrale aspek in hierdie verlossingsleer.

| | | |
|---|---|---|
| T | = | Total depravity (totale verdorwenheid) |
| U | = | Unconditional election (onvoorwaardelike uitverkiesing) |
| L | = | Limited atonement (beperkte versoening) |
| I | = | Irresistible grace (onweerstaanbare genade) |
| P | = | Perseverance of the saints (volharding van die heiliges) |

Eenvoudig en duidelik – en daarom begryplik dat hierdie akroniem by baie mense aanklank gevind het en steeds vind. By nadere ondersoek blyk egter dat die gebruik van TULIP baie meer kompleks en problematies is as wat dikwels aangeneem word.

### TULIP – 'n historiese probleem

Die eerste probleem waaraan aandag geskenk moet word, is die veronderstelling van voorstanders van hierdie akroniem dat dit 'n "historiese" term is. Tekenend hiervan is wat Collin Hansen in *Young, Restless, Reformed*[2] skryf:

"Arminianism stands against Calvinism as its theological foil. The system draws its name from the Dutch theologian Jacob Arminius (1560-1609), who challenged the prevailing views of his colleagues. In fact, Calvinists produced the TULIP acronym at the Synod of Dordt in 1618 and 1619 in response to followers of Arminius."

Hansen veronderstel dus dat die Calviniste die TULIP-akroniem by die Sinode van Dordrecht geproduseer het. Wanneer ons egter probeer om die historiese wortels van die akroniem na te speur, vind ons geen verwysing daarna wat teruggaan tot voor die 20ste eeu nie. Die werk wat waarskynlik aan TULIP populariteit verleen het, was David N Steele en Curtis C Thomas se *The Five Points of Calvinism Defined, Defended, Documented.*[3] Daarin gaan die outeurs terug op Loraine Boettner se *The Reformed Doctrine of Predestination.*[4] Voor Boettner se boek (waarin hy, terloops, met groot versigtigheid die TULIP-akroniem hanteer) is daar nog een ouer bron waarin TULIP gebruik word: 'n artikel in die Christelike tydskrif *The Outlook.*[5] Hier verwys die outeur na 'n lesing van dr. CB McAfee in 1905: "To aid the mind in remembering the Five Points, Dr. McAfee made use of the word Tulip, which, possessing five letters, lends itself nicely to the subject in hand ..." McAfee se gebruik van TULIP is waarskynlik die vroegste gebruik waarvan ons weet. Uiteraard, in die eeue daarvoor was daar baie wat die leer van Dordt verwoord en verdedig het, maar nêrens vind ons die gebruik van TULIP nie – dis 'n uitvindsel van die 20ste eeu en is nie tydens die Sinode van Dordrecht geproduseer nie.

### TULIP en die Dordtse Leerreëls

Behalwe hierdie historiese probleem, bevat TULIP egter ook sekere teologiese probleme (of in elk geval die potensiaal tot sekere teologiese probleme). Ek behandel hier die eerste vier letters van TULIP. Oor die vyfde letter bestaan daar weinig verskil van mening.

### Totale verdorwenheid (TULIP)

Totale verdorwenheid het te make met die menslike toestand. Wat sê die Dordtse Leerreëls (DL)[6] hieroor? In DL 1.1 lees ons die volgende: "Aangesien alle mense in Adam gesondig en aan die vloek en die ewige dood skuldig geword het ..." DL 3.1 sê: "Maar toe hy deur die ingewing van die duiwel en deur sy eie vrye wil van God afgewyk het, het hy homself van hierdie uitnemende gawes beroof; en hy het daarenteen in die plek daarvan oor homself gebring blindheid, verskriklike duisternis,

ydelheid en verkeerdheid van oordeel in sy verstand, boosheid, wederspannigheid en hardheid in sy wil en sy hart, en laastens onsuiwerheid in al sy geneenthede." Die verdorwenheid van die mens word dus onomwonde in die Leerreëls bely. Die vraag is egter wat presies hiermee bedoel word. Met die T (totale verdorwenheid) dreig die gevaar dat daar binne die gereformeerde tradisie 'n stuk misantropie ingedra word – die visie dat alle mense só sleg is soos wat hulle moontlik kan wees.

Vir die Reformatore het dit egter nie gegaan oor die totale afwesigheid van enige soort goedheid nie, maar oor die onvermoë van die mens om homself van die sonde te verlos en weer met God versoen te word. Ook die Leerreëls wys dat dít die rigting is waarin die sinode gedink het – kyk maar net na DL 3/4.3: "Daarom word alle mense in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enige saligmakende goed ..." Teenoor hierdie onvermoë van die mens om homself van sonde te verlos, bevestig Dordt juis dat alle mense die beeld van God dra (DL 3/4.1) en dat "daar wel ná die val in die mens nog 'n bietjie lig van die natuur oorgebly [het] waardeur hy enige kennis behou van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betaamlik en onbetaamlik is, terwyl hy ook enigsins 'n strewe openbaar na deug en uiterlike tug" (DL 3/4.4).

Uiteraard spreek die Dordtse Leerreëls hierdie woorde binne 'n bepaalde konteks en met 'n spesifieke rede, naamlik om aan die gevalle mens alle verontskuldiging te ontneem (sien DL 3/4.4). Die gevolgtrekking in DL 3/4.4 lui daarom ook: "... vir die mens is dit onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer ..." Maar uit hierdie laaste aanhaling blyk weereens hoe die verdorwenheid van die mens omskryf word in terme van sy onvermoë om self tot saligmakende kennis en bekering te kom. Maar Dordt sê nêrens dat die mens so sleg is soos wat hy moontlik kan wees nie. Inteendeel, dit bevestig juis dat die mens nie opgehou het om mens, toegerus met verstand en wil, te wees nie (sien DL 3/4.16).

## Onvoorwaardelike uitverkiesing (TULIP)

As ons by die letter U vashaak, is daar die reële gevaar van verskraling, want met hierdie enkele letter word die uitverkiesing in baie gevalle tot 'n geïsoleerde leerstuk gemaak. Wanneer ons egter vanaf die enkele letter U teruggaan na die bron van die Dordtse Leerreëls (en daaragter die Skrif), sien ons dat hierdie belydenisgeskrif die uitverkiesing in 'n baie spesifieke konteks plaas. Neem byvoorbeeld hoofstuk 1 van die Leerreëls, waarin dit baie konkreet oor God se voorbestemming (uitverkiesing en verwerping) gaan. Eers in paragraaf 7 word spesifiek oor die uitverkiesing gepraat. Paragrawe 1-6 plaas egter God se uitverkiesing en verwerping in 'n breër konteks. Dordt begín dus nie met God se voorbestemming nie! Dit begin met die verhaal: van skepping en sondeval (par. 1), verlossing (par. 2), die verkondiging van die Evangelie (par. 3 [sendingwerk!]), die reaksie op die verkondigde Evangelie (par. 4-6 [geloof of ongeloof]). En eers daarna volg die konklusie: Hierdie ongeloof of geloof gaan terug op God se verwerping of verkiesing. Hierdie is nie slegs die konteks van hoofstuk 1 van die Leerreëls nie, maar is ook die patroon wat ons in hoofstukke 2 en 3/4 teëkom. Ek gee dit hieronder weer:

- Die skepping van die mens en sy val in sonde (1.1, 2.1, 3/4.1-5)
- Christus se werk (1.2, 2.2-4)
- Die Evangelie en die verkondiging daarvan (1.3-4, 2.5, 3/4.6-8)
- Reaksie 1: ongeloof (1.5, 2.6, 3/4.9)
- Reaksie 2: geloof as gawe (1.6, 2.7, 3/4.10)
- En slegs dán: God se soewereine werk van verkiesing en verwerping

Uitverkiesing en verwerping moet in die regte konteks gesien word – wat alles te make het met die reaksie op en gevolg van die Evangelieverkondiging: Waarom is dit dat sommige mense met geloof op die verkondiging van die Evangelie reageer en ander nie? Vir die Dordtse Leerreëls gaan uitverkiesing en verwerping nie oor teologiese spekulasie nie, maar vloei voort vanuit waarneembare feite: Sommige glo die Evangelie, ander nie. Uitverkiesing en verwerping is dus 'n agteraf verduideliking vir die besondere karakter van die menslike reaksie op die genadige Evangelie. En dit neem sy vertrekpunt in die tyd, nie in die ewigheid nie. Die gevaar van 'n enkele konsep (onvoorwaardelike uitverkiesing) is dat ons die breër konteks waarin die Skrif en ons belydenis God se uitverkiesing plaas, uit die oog verloor en daardeur word uitverkiesing baie maklik 'n harde leerstuk.

---

1. Leraar van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.
2. C. Hansen, *Young, Restless, Reformed: A Journalist's Journey with the New Calvinist* (Wheaton: Crossway, 2008).
3. D.H. Steele et al., *The Five Points of Calvinism Defined, Defended, Documented* (Phillipsburg: P&R Publishing, 2004).
4. L. Boettner, *The Reformed Doctrine of Predestination* (Grand Rapids: Eerdmans, 1936).
5. C.B. Spahr ed., *The Outlook*, June 6, 1913.
6. Sinodale Publikasie, *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk* (Hatfield: Lig in Duisternis Uitgewers, 2006), 195.

### Beperkte versoening (TULIP)

Nóg die Dordtse Leerreëls, nóg enige van die gereformeerde teoloë van die 16de en 17de eeu, maak melding van beperkte versoening. Daar was in daardie tyd geen debat oor die waarde of meriete van Christus se dood nie: Omtrent almal was dit eens dat Christus se dood in waarde voldoende was om vir die sonde van die hele wêreld te betaal. Die woorde "beperkte versoening" skep egter die indruk dat Christus se dood onvoldoende was vir die sonde van die hele wêreld, 'n posisie wat eksplisiet deur Dordt verwerp word. "Hierdie dood van die Seun van God … [is] oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen" (DL 2.3). "… [dat] baie wat deur die Evangelie geroep is, nie tot bekering kom of in Christus glo nie, maar in ongeloof sterwe, dit kom nie deur die gebrekkigheid of ongenoegsaamheid van die offer wat Christus aan die kruis gebring het nie, maar deur hul eie skuld" (DL 2.6). En daarom het die skrywers van die 17de eeu en later verkies om eerder te praat van "spesifieke versoening" (particular redemption). Christus het vir spesifieke mense gesterf, soos Hy self sê: *Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken … Ek lê my lewe af vir die skape. My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My* (Joh. 10:14-15, 27; sien ook weerlegging 2.1). Christus se selfaanduiding in Johannes 10 gaan terug op profesieë soos Jesaja 53:10: *… as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien.*

### Onweerstaanbare genade (TULIP)

Vir die Arminiane was God se genade weerstaanbaar (resistible), waarmee hulle – soos so dikwels in hul teologie – bedoel het dat die geloof en die verlossing uiteindelik van menslike keuse afhang. Teenoor hierdie dwaling en as 'n direkte antoniem vir weerstaanbaar, het die term "onweerstaanbaar" (irresistible) sy plek binne die akroniem ingeneem. Of weerstaanbaar die optimale teenvoeter vir onweerstaanbaar is, moet ons egter bevraagteken. Uiteraard is die Goddelike oormag in die werk van bekering uiteindelik te sterk vir ons. Maar, net soos met die ander letters van TULIP, dreig hier 'n verskraling en 'n verdraaiing: Die gevaar is naamlik dat God se genade uiteindelik gesien word as 'n soort dwingende mag wat mense forseer. Plaas hierteenoor die pragtige beskrywing wat DL 3/4.12 van die wedergeboorte gee: "… sodat hulle almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en effektief wedergebore word en daadwerklik glo. En dan word die wil wat nou vernuut is, nie alleen deur God gedrywe en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, soos hy is, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer."

DL 3/4.16 bevestig hierdie posisie wanneer dit sê: "Maar die mens het deur die val nie opgehou om mens te wees nie, begaaf met verstand en wil … So ook werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte in die mens nie asof hulle stompe en stamme is nie; dit vernietig die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie, maar maak dit geestelik lewend, genees dit, verbeter dit en buig dit tegelykertyd sagkens en kragtig, sodat waar wederspannigheid en teenstand van die vlees tevore volkome die oorhand gehad het, daar nou 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees die oorhand begin te kry. Daarin is die ware en geestelike wederoprigting en vryheid van ons wil geleë."

### Gevolgtrekking

Dit val op dat 20ste en 21ste eeuse werke oor TULIP selde, indien ooit, teruggaan na die Dordtse Leerreëls self. Die Reformatore het 'n leer voorgestaan wat duidelike kontinuïteit vind in die Dordtse Leerreëls, maar nóg die Reformatore, nóg die outeurs van die Leerreëls, het hul konfessionele posisie verskraal tot 'n enkele blom (TULIP). Met TULIP loop ons die gevaar om slegs die tulp uit die gereformeerde veld te pluk en daardeur baie ander blomme mis te kyk. Die TULIP-akroniem dreig om die identiteit van die gereformeerde tradisie skade aan te doen. Dit is, in die eerste plek, anachronisties en, vervolgens, verskralend. Daarom, in plaas daarvan om van TULIP (of selfs die Vyf Punte van die Calvinisme) gebruik te maak, wil ek 'n pleidooi voer om terug te gaan na die bron ágter TULIP, die Dordtse Leerreëls. En daaragter die Skrif.


## Wil jy finansieel bydra tot Lig in Duisternis Uitgewers?

Ons kry baie navrae van mense wat graag 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy 'n betaling in die volgende bankrekening maak:

**Bankbesonderhede:** Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068 • Takkode: 632 005
*Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer*

# SMELTOOND



• *Oktober 2023* • **Deur Charlotte Möller**

# "Reisgids" der reisgidse

'n Eertydse teoloog het gesê: "... dat mense nie sonder die Bybel kan klaarkom nie. Mense in hierdie lewe het 'n gids nodig, want hulle is reisigers wat nie vanself weet waarheen hulle reis nie, of hóé hulle daarheen moet reis nie. Gods Woord is dus 'n onontbeerlike [R]eisgids ... die enigste."[1]

### "Reisgids" uit moederland[2]

Jan van Riebeeck stap in 1652 met die Nederlandse Statebybel van 1637 aan wal. Maar mense wil, "So sê die Here," in hul eie taal hoor en teen 1875 poog SJ du Toit om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Die Engelse ysterhand het die wordende Afrikanervolk en -taal dag en nag by die keel en middele ontbreek. Die poging faal – vir eers ...

'n Taalspruit trap jy nie sommer plat nie en teen 1908 herleef die taalstryd. By die Bloemfonteinse sinode (1918) van die Vrystaatse NG Kerk spreek dr. NJ van der Merwe die sinode toe: "... ek dring daarop aan dat Afrikaans amptelik as kanselspreektaal aanvaar word en dat die Bybel in Afrikaans vertaal word." 'n Vertalingskommissie word aangewys met JD Kestell en Totius (JD du Toit) as die twee sentrale figure.

### "O, moedertaal, o soetste taal, jou het ek lief ..."[3]

Kestell en Totius was albei bekende en vurige volksmanne; teologies en in verskeie tale goed onderlê. Hulle kon Nederlands vlot praat en skryf. In 1922 verskyn die eerste proefvertaling: *Die vier Evangelië en die Psalme*. Dit is gekoop, gelees en toe is geswyg. Totdat Langenhoven opstaan en sê: "Hierdie vertaling is 'n verleentheid vir ons taal." En die mense "amen!" daarop. 'n Skrywer sê raak: "Dis 'n vertaling van 'n vertaling." Die terugslag en teleurstelling is groot, maar die vertalers verstaan die boodskap: Gaan doen die werk oor en doen dit reg.

### Luister na Luther: "Ín die soetste taal, úit die grondtale!"

Teen 1924 word die vertaling weereens met ywer aangepak: Totius vir die Ou Testament en dr. Keet van Stellenbosch vir die Nuwe Testament. Hy kry nie verlof by die Universiteitsraad nie en ooreis sy kragte. Ds. Kestell word aangewys vir die Nuwe Testament. Verder sou die werk oor en weer deur die Vertalingskommissie nagesien en geredigeer word.

Die probleme was groot en baie. Ten einde meer ongesteurd te kon werk, verhuis Totius met sy gesin na die familieplaas Krugerskraal (Potchefstroom-omgewing). 'n Ramp tref die gesin daar: Een van Totius se dogtertjies word deur 'n weerligstraal voor sy oë gedood. "O die pyngedagte: My kind is dood!" Hy word gelouter tot geloofsberusting om in geloofsverwondering met die vertalingswerk voort te gaan. Hy raak só verdiep in die vertaling dat na hom verwys word as "die siel van die vertaling".

By die droefheid was daar tog ook humor. Totius merk op: Die vertaling is moeilik; ek worstel veral met Eségiël en die Psalms. En dan moet ek erken: Job weier om Afrikaans te praat. Hy sukkel met een woord wat net nie wil inpas nie. Die Hebreeuse skryftaal bestaan uit strepies (medeklinkers) en kolletjies (klinkers). Die woord waarmee Totius sukkel, het een kolletjie te veel sodat dit 'n ander betekenis het en dus glad nie inpas nie. Sy vrou krap die kolletjie vlieëmis weg – die probleem is opgelos.

### "Woord van God, Woord van die lewe"[4]

Die tweede poging word met dank en groot vreugde aanvaar. Die Bybel is gereed vir publikasie in Afrikaans. Dit sou nog vier jaar duur voordat dit verskyn. Ondertussen begin Totius reeds met hersiening. Op voetspoor van die Statebybel van 1637 en waarvan 20 jaar later in 1657 'n hersiene uitgawe verskyn, word volgens nuwe taal- en spelreëls veranderinge aan die Bybel aangebring. Só verskyn die 1953-uitgawe 20 jaar ná 1933.

Die eerste besending van 10 000 Bybels kom gedurende Mei 1933 in Kaapstad aan. 'n Sentrale Bybelfees word vir 27 Augustus 1933 gereël.

Die vreugde is sonder perk: ... *ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek* (Hand. 2:11).😊

---

1. J.A. Heyns, *Inleiding tot die Dogmatiek* (Halfweghuis: NG Kerkboekhandel, 1988), 71.
2. In die beknopte opsomming wat volg, gee ek met groot dank erkenning aan prof. Hendrik van der Wateren se omvattende bespreking oor die totstandkoming van die Afrikaanse Bybel in 1933.
3. "O, Boereplaas" in *F.A.K. Volksangbundel* (Stellenbosch: Nasionale Boekhandel, 1961).
4. "Gesang 91" in *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*.



# *Cur Deus Homo*

## Die enigste Weg uit ons verdorwenheid

**Ds. Johan Schütte**[1]

### Anselmus van Kantelberg

Die Noorde van Italië is bekend as een van die gebiede waar die Waldense gevestig was. Dit is ook in 1033 die geboorteplek van Anselmus, twee jaar voordat Wilhelm die Veroweraar die hertog van Normandië sou word en hulle twee se vervlegde lewens die wêreldgeskiedenis drasties sou beïnvloed.

Anselmus was 23 jaar oud toe hy hom in Normandië gevestig het. Ná die afsterwe van sy vader word hy in 1060 'n monnik. Binne drie jaar word hy die kloosterhoof van Bec as opvolger van Lanfranc, wat deur Wilhelm as Aartsbiskop van Kantelberg aangestel is. Dertig jaar later word hy weer Lanfranc se opvolger, die keer in Brittanje as Aartsbiskop van Kantelberg. Dit was 'n posisie wat hy huiwerig aanvaar het en wat vir hom agt jaar van ballingskap sou beteken.

### Hoe betaal 'n méns eerberowing terug?

Sy bekendste werk is sekerlik die boek *Cur Deus Homo*[2] (Waarom God mens geword het). In hierdie boek word die Evangelie verduidelik in die vorm van 'n dialoog waar die vrae van die ongelowige Boso beantwoord word. Hy begin met die vraag: Wat is sonde? waarop hy antwoord dat God se skepsele Hom vereer deur absolute gehoorsaamheid in alles. Sonde is wanneer 'n skepsel deur ongehoorsaamheid nie aan God die nodige eer gee wat Hom toekom nie. Jy beroof God van die eer wat Hom toekom. Gevolglik skryf hy:

> **"Daarom moet elkeen wat sonde doen sy skuld teenoor God betaal deur aan God die eer te gee waarvan die sondaar Hom beroof het."**

Daar is skuld wat betaal moet word, maar gesien die onskatbare aantasting van God se eer, is die prys wat betaal moet word meer as wat enige mens ooit sal kan doen, want almal is verdorwe. Hy beskryf die mensdom as 'n sondigende massa wat almal saam met Adam in sonde gestort is. Ná die sondeval is elke mens se verstand en sy liggaam verdorwe en die prooi van vleeslike begeertes.

Dit plaas die mens dus in 'n dilemma, want jy moet absoluut gehoorsaam wees en skuld God meer as wat jy Hom ooit sal kan betaal. Die loon van die sonde is die dood. Anselmus skryf: "Deur die ongehoorsaamheid van een mens het die dood oor die ganse mensdom gekom."

Hy stel dit egter baie duidelik dat elke afstammeling van Adam verantwoordelik is vir hierdie skuld. Want jy is nie bloot 'n afstammeling van Adam nie, jy is 'n afstammeling van die in-sonde-gevalle-Adam. Dit is nie nét Adam se skuld nie – alle mense is ewe skuldig. Almal is in sonde ontvang en gebore. Die feit dat jy 'n mens is, is genoeg om verlore te gaan. Daarom dat Anselmus die woorde van Psalm 51 kan eggo wanneer hy oor sy eie sondigheid skryf:

> **"Waarlik, in duisternis is ek ontvang en in duisternis is ek gebore."**

Dit is dan ook hierdie sondige natuur wat maak dat almal God van sy eer beroof en dus voor Hom skuldig staan.

### Ewige straf óf eenmalige soenoffer as betaling

Die enigste twee uitkomste vir die mensdom is dat ons gestraf moet word, óf God moet op 'n ander manier behaag word. Om gestraf te word, beteken egter dat die ganse mensdom vanweë ons verdorwenheid vir ewig verlore moet gaan. Dus sal daar dan niks kom van 'n ewige lewe van heerlikheid saam met God nie. Die enigste hoop vir die mens is dus dat God behaag moet word.

Dit plaas ons voor 'n verdere dilemma, want ons skuld God reeds absolute gehoorsaamheid en ons het verder niks om aan Hom te bied wat nie alreeds aan Hom

behoort nie. Verder is sonde so 'n aantasting van God, dat jy vir ewig daarvoor sal moet aanhou betaal, want daar is geen einde aan God se heiligheid nie.

Maar kan God nie in sy liefde en genade bloot besluit om ons sonde te ignoreer en ons te vergewe nie? Anselmus redeneer waarom dit nie moontlik is nie. Eerstens sou dit beteken dat sonde ongestraf bly. God sal dus onregverdig wees deur nie te onderskei tussen 'n sondaar en 'n regverdige nie. God is egter regverdig, sowel as liefdevol en genadig. Waarom moet net sy liefde en genade uitgedruk word en nie sy regverdigheid nie?

### Uit die verdorwenheid ondanks ons skuld

Die mensdom se enigste hoop is dat daar Iemand moet wees wat ons skuld by God kan betaal, maar omdat die ganse mensdom verdorwe is en die ganse skepping aan die nietigheid onderwerp het, is die mens se hoop by geen skepsel te vinde nie. Daarom moet die Skepper die skuld betaal. Maar niemand anders as 'n mens is skuldig nie en daarom is dit 'n mens wat moet betaal. Derhalwe moet die Een wat betaal, tegelykertyd God én mens wees.

Met ander woorde, net ons het skuld wat betaal moet word, maar ons kan dit nie betaal nie. Net God kan die skuld betaal, maar dit is nie sy skuld nie. Daarom kort ons 'n Verlosser wat God en mens tegelyk is en dit is *Cur Deus Homo* ... waarom God 'n mens moes word. Jesus Christus was sondeloos en het geen skuld voor God gehad nie, daarom kon Hy ons skuld namens ons betaal. Sy dood was vrywillig en in ons plek gewees. Hy het nie dood as straf op enige sonde verdien nie. Maar Hy het ons sonde op Homself geneem en daarom kon God dit as betaling aanvaar. Deur Jesus Christus se vrywillige, selfopofferende sterwe aan die kruis, word God se regverdigheid, liefde en genade in harmonie aan ons bekend gemaak.

1. Direkteur van Kerkadministrasie en dosent in Ekklesiologie aan die AP Akademie.
2. Lees die boek hier: https://bit.ly/3R2W4Qe

**VOORNEMENDE EN HUIDIGE KOVSIES:** Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede. **AP Kerk Bainsvlei – Kontak ons by 082 614 5857**

## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.


Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE: SEPTEMBER 2023, BL. 12





# Onvoorwaardelike uitverkiesing: Die gedagtes van Augustinus

**Ds. Dubois du Toit**[1]

**God se onvoorwaardelike uitverkiesing van mense was nog altyd een van die groot twispunte en teologiese kopkrappers in die kerk. Die idee dat God mense, in die woorde van Paulus in Efésiërs 1:4 (2020-vertaling) ... *voor die grondlegging van die wêreld in Hom* [Christus] *uitgekies* het, nie op grond van enige werke-meriete of Goddelike voorkennis van toekomstige menslike besluite nie, maar suiwer uit soewereine goedheid en genade, gaan in vele opsigte ons moderne, Westerse, prestasiegedrewe, meritokratiese, eiegeregtigde, "dis-nie-regverdig-nie"-verstand te bowe.**

G'n wonder dat, toe die sogenaamde gereformeerde teologie van onder andere Martin Luther en Johannes Calvyn die status van gevierde en gegote sistematiek bereik het, 'n mens jouself kon indink hoe die veelgeopperde vertoë verwoord is: "Hierdie laat-Middeleeuse teologie is vreemd aan die groot Christelike tradisie," of minstens, "dit is 'n bittere 'nuwe' pil om te sluk."

## 'n Herontdekking van Skrifwaarhede

Die gevolg van hierdie verwikkelinge op die kerklike toneel was dat hierdie nuwe teologie 'n laat-Middeleeuse benaming gekry het: Calvinisme. Die feit van die saak is egter dat ons die sistematisering van hierdie teologie minstens met 'n 1 000 jaar kan vervroeg, al die pad terug tot by een van die grootste teoloë van die Westerse kerk, Augustinus. Soos Calvyn dit in sy eie woorde beskryf: "Augustinus is so geheel en al met my, dat, sou ek wens om 'n geloofsbelydenis te skryf, ek so sou kon doen met alle volheid en bevrediging jeens myself vanuit sy geskrifte."[2] Ons sou dan verder, volgens 'n opmerking van Luther, hierdie teologie kon terugtrek tot by die vroeë kerkvaders: "Niks in Augustinus is vanuit sy eie wysheid nie, maar is eerder dié van die mees uitstaande vaders, soos Cyprianus, Gregorius van Nazianze, Irenaeus, Hilarius, Olympias, Innocentius en Ambrosius."[3] Wanneer ons egter die groot Princeton-teoloog, BB Warfield, se uitlating rakende Augustinus se teologie in ag neem, word dit duidelik dat die teologie wat via Augustinus aan Calvyn toegeskryf word, in der waarheid die teologie van Paulus is en dus 'n teologie wat op "datapunte" gebou is, wat deur die Heilige Gees self geïnspireer is: "Dit was nie nuut in die sin dat dit Augustinus se uitvindsel was nie; dit is, byvoorbeeld, die teologie van Paulus voordat dit die teologie van Augustinus was, en dit is bloot deur Augustinus vir die kerk herontdek."[4] Voordat ons 'n voëlvlug oor Augustinus se handeling rakende die leerstuk van God se onvoorwaardelike uitverkiesing van mense neem, is dit nodig om net eers te definieer wat hy daarmee bedoel het.

## Uitverkies voordat en sodat ek kan kies

In sy *Lectures or Tractates on the Gospel according to St. John* skryf Augustinus die volgende: "Luister, ondankbare, luister: *Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies.* Sodat jy nie kan sê 'ek is gekies omdat ek alreeds geglo het' nie ... sodat jy nie kan sê, 'voordat ek geglo het, het ek al goeie werke gedoen en daarom is ek gekies' nie. Want watter goeie werk kan daar wees voor geloof? terwyl die apostel sê, 'enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde'. Wat moet ons dan sê wanneer ons sulke woorde hoor: *Julle het My nie uitverkies nie* ... buiten dat ons boos was en gekies is sodat ons goed kan wees deur die genade van Hom wat ons gekies het? Want dit is nie deur genade as verdienste dit voorafgegaan het nie; dit is wel deur genade en daarom het daardie genade nie verdienste gevind nie, maar verdienste bewerkstellig."

Augustinus haal die Here Jesus se woorde hier direk uit Johannes 15:16 aan, wat die begrip van onvoorwaardelike uitverkiesing ondubbelsinnig uitspel: God kies ons nie uit om deel te hê aan sy verlossing éérs wanneer daar aan sekere voorwaardes voldoen is (soos geloof en/of goeie werke) nie. God kies ons om deel te hê aan sy verlossing

voordat geloof en/goeie werke selfs moontlik is. Hoe lank voor dit? *Voor die grondlegging van die wêreld …* (Efés. 1:4). Waarom het Hy gekies om dit so te doen? Sodat niemand op iets vanuit hulself kan roem nie (vgl. Efés. 2:9); soos iemand eenkeer gesê het: "God gaan nie hoogmoed in die hemel toelaat nie."

In sy geskrif, *On the Predestination of the Saints*, skryf Augustinus verder verhelderend hieroor: "God kies ons nie omdat ons glo nie, maar sodat ons sal glo; nie omdat ons regverdig is nie, maar sodat ons dit sal wees." Luther het later hierdie denke van Augustinus gemunt in 'n kort frasetjie wat ook die titel van een van sy geweldig invloedryke boeke geraak het, *The Bondage of the Will.*

Dit is belangrik om kortliks kennis te neem van die kerngedagte van Luther se boek met die oog op dit wat volg. Toe daar oor die eeue in die kerk gesels of nagedink is oor die leerstellings van God se genade, was die onvermydelike metgesel in hierdie gesprek natuurlik die vraag na die aard en funksie van vrye wil. Die beswaar teen Augustinus se (en dus die gereformeerde) verstaan van God se genade, kan soos volg beskryf word: As God soewerein/monergisties (God bewerk verlossing deur die Heilige Gees) in die verlossing van die mens te werk gaan, het ons dan nog vrye wil in die keuses wat ons uitoefen en, gevolglik, is ons op enige noemenswaardige manier verantwoordbaar vir ons dade? Luther antwoord die vraag soos volg: "Vrye wil sonder God se genade is geensins vry nie, maar dit is die ewige gevangene en slaaf van die boosheid, omdat dit nie vanself na die goeie kan keer nie." En elders: "'n Man sonder die Gees van God tree nie weens druk boos op, asof hy by die nekvel gegryp word en teen sy wil daarin gesleep word, soos 'n dief wat teen sy sin ingelei word na sy straf nie, maar hy doen dit spontaan en vrywillig. En hierdie gewilligheid van die wil is iets wat hy nie in sy eie krag kan elimineer, beperk of verander nie. Hy gaan voort om boosheid te wil en te begeer en al word eksterne druk op hom geplaas om anders op te tree, bly sy wil innerlik afkerig daarteen en skaaf hy onder sulke beperking en teenstand."

Met hierdie in gedagte, beweeg ons na die volgende punt: Augustinus se leerstuk van onvoorwaardelike uitverkiesing, hang ten nouste saam met die leerstuk van radikale verdorwenheid.

## Ek ontvang, daarom kan ek

Die kerndefiniërende faktor van Augustinus se hele bediening (en daarom ook van sy teologie) kan onteenseglik beskou word as sy polemiese (strydende) optrede teen Pelagius. Louis Berkhof beskryf dit so: "In die algemeen het die Griekse vaders van die 3de en 4de eeue 'n neiging getoon om die verband tussen die sonde van Adam en dié van sy nasate te ontken, terwyl die Latynse vaders met al meer helderheid geleer het dat die huidige sondige toestand van die mens sy verduideliking vind in die eerste oortreding van Adam in die Paradys. Die leerstellings van die Oosterse kerk het uiteindelik gekulmineer in Pelagianisme, wat ontken het dat daar enige verband was tussen die twee, terwyl dié van die Westerse kerk gekulmineer het in Augustinianisme, wat klem gelê het op die feit dat ons beide skuldig en besoedel in Adam is."[5]

Een spesifieke frase in Augustinus se beroemde *Confessions* het Pelagius – wat gemaklik was met die veronderstelling dat die mens bekwaam is om sy eie verlossing uit te werk – veral uitgelok: "Gee wat U beveel, beveel dan wat U wil." Hierdie gebed van Augustinus het die mens se behoefte aan soewereine genade ten sterkste erken. Hy het gesien dat God ín die mens moet doen wat Hy ván hom verwag; dat Hy deur sy genade die mens moet bemagtig as die mens enige hoop het om sy opdragte uit te voer. Pelagius kon dit nie aanvaar nie – 'n Goddelike opdrag het vir hom noodwendig die mens se vermoë om daardie opdrag uit te voer, geïmpliseer.

Dít was die hart van die dispuut tussen Augustinus en Pelagius – en ook weer tussen Calvyn en Arminius, Luther en Erasmus, Whitefield en Wesley, ensovoorts. Augustinus het geleer dat die mens, na aanleiding van die val van Adam, alle vermoë verloor het om God te gehoorsaam. As gevolg van die oersonde, wat die erfsonde geword het, kan die mens nie uitvoer wat God van ons verwag nie – ons wil is gebonde.

Daarom dat God se uitsluitlike werking in ons lewens absoluut noodsaaklik is vir verlossing. Daarom dat God se genade niks anders as onvoorwaardelik kan wees nie, soos Augustinus skryf in *On the Predestination of the Saints*: "Want God het nie so uitgekies omdat Hy vooraf geweet het dat hulle goed sou wees nie, maar deur sy genade het Hy hulle goed gemaak nadat Hy hulle verkies het."

1. Leraar van die NG Kerk Suiderhof, Windhoek, Namibië. PhD-kandidaat onder prof. Henk Stoker (Potchefstroom).
2. J. Calvin, *Institutes of the Christian Religion*, Book 1, Chapter 7, Section 1.
3. M. Luther, *Luther's Works,* ed. F. Sherman, Vol. 48, Letters 1 (Philadelphia: Fortress Press, 1999), 24.
4. B.B. Warfield, "Augustine," in *Calvin and Augustine* (Literary Licencing, LLC, 2011), 321.
5. L. Berkhof, *Systematic Theology* (Eerdmans, 1996), 219-220.



# Beperkte versoening by Calvyn

**Ds. Willem van Schalkwyk**[1]

Deur die eeue het mense gepoog om aan te toon dat die groot Hervormer, Johannes Calvyn, nie beperkte genade geleer het nie. Vandag is daar steeds pogings in Evangeliese kerke om hierdie saak te bewys. 'n Mens lees selfs dat mense aanspraak maak op Calvinis-wees, maar dan verwerp hulle die uitverkiesing en gevolglik beperkte versoening.

## Agtergrondgeskiedenis

Die Here onse God is oneindig ryk aan genade en Hy gee dit oorvloedig aan sy kinders. In sy genade het die Here, in die 16de eeu, die wegbreek van die Rooms-Katolieke Kerk beskik. Die Roomses het die kinders van die Here met verskriklike dwaalleringe mislei om God op 'n wyse te dien waardeur Hý nie die eer gekry het nie. Een van hierdie dwalinge was hul verlossingsleer. Die Roomse Kerk leer onder meer dat jou goeie werke en gehoorsaamheid jou red.

Ná die Reformasie het 'n ander dwaalleer posgevat: Die eeueoue dwaling van Pelagius het weer herleef. Dwaalgeeste het geredeneer dat Christus vir alle mense gesterf het en dat God die verlossing in Christus aan die mens aanbied en dan hoop en wag dat die mens dit aanvaar. As die mens nie kies of self besluit om te glo nie, kan die Here niks daaraan doen nie.

Calvyn het sodaniges ernstig bestry en sê dat hulle die eer van God roof en vir die mens self wil toe-eien.[2] Vanuit die Skrif, en die geskrifte van veral Augustinus, toon Calvyn onteenseglik aan dat die uitverkiesingsleer (ook predestinasieleer of beperkte versoening) 'n suiwer Bybelse waarheid is. Ons gereformeerde belydenisskrif, die Dordtse Leerreëls, is monumentale getuienis van hierdie stryd teen die dwaalleraars in die kerk.

## Calvyn se standpunt

In sy stryd teen dwaalleraars het Calvyn benadruk dat die mens geen plek in sy redding het nie. In sy teologiese denke was die eer van God die hoogste motief. Juis daarom is dit in sy werke baie duidelik hoedat hy die mens se aandeel in sy redding met baie duidelike terme diskwalifiseer.

Wanneer Calvyn oor predestinasie skryf, maak hy dit baie duidelik dat dit 'n ewige besluit van God is waarvolgens *God by Homself* oor elke mens se lewe besluit het: Hy neem níks van die mens in ag nie; Hý het oor elke mens 'n besluit geneem – óf vir die lewe, óf vir die ewige dood.[3] Versoening of genade is dus beperk tot die uitverkorenes. In sy geskrif oor die uitverkiesing, *A Treatise of the Eternal Predestination*, beskryf hy dit so (vertaal):

> **"God het in sy ewige goedheid hulle in wie Hy 'n behae gehad het, gekies om gered te word en al die ander verwerp. Dié wat Hy deur sy vrye genade aangeneem het om sy kinders te wees, [se harte] word deur die Heilige Gees verlig, sodat hulle die lewe wat in Christus gegee word, kan ontvang – terwyl die ander, wat in hul ongeloof voortleef, sonder die lig van die geloof, in totale duisternis voortleef."**

Wanneer Calvyn die beperkte genade beredeneer, begin hy by die volk Israel. In die persoon van Abraham word een volk uitverkies en ander volke verwerp. Dit gebeur nie omdat Israel waardiger as ander volke is nie, maar op grond van God se onverdiende liefde.[4] God se meer beperkte genade (t.o.v. individue) word duideliker daarin sigbaar dat Hy uit dieselfde geslag van Abraham sommige verwerp en ander in sy kerk koester. Ismael (Moslems) "word verwerp, daarna ook Esau en uiteindelik 'n ontelbare menigte en amper die hele Israel".[5] Hierdie beperkte genade word duidelik daarin dat die Vader sommiges aan Christus gegee het én dat dié wat Hy aan Christus gegee het, na Christus toe sal kom, omdat Hý hulle na Christus sal trek (vgl. Joh. 6:44). Om hierdie argument te versterk, haal hy Augustinus aan wat sê (vertaal):

**"Niemand wat deur die Vader getrek word, is vanself gewillig om na Christus te gaan nie. Die Vader trek hulle egter op so 'n wonderlike manier dat hulle inderdaad gewillig is om te gaan. Hy werk só in hul harte dat hulle, wat vroeër onwillig was om te glo, nou gewillig gemaak word. God gee die wil om gehoorsaam na Christus te kom as vrye genade en nie op grond van enige waardigheid in die persoon wat die gawe ontvang nie. Waar God nie hierdie gawe wil gee nie, is dit 'n bewys dat as die wil om na Christus te kom nie aan jou gegee word nie, kan jy nie kom nie. Al het God die krag om hulle na Christus te trek, trek Hy hulle nie, maar hulle word gelos om te vergaan. Dit beklemtoon die waarheid van die Skrif dat niemand na Christus kan kom as die Vader hom nie trek nie."[6]**

Juis daarom, sê Calvyn, sal Christus op die laaste dag die twee groepe skei: die skape en die bokke; die uitverkorenes en dié wat verlore gaan.

### Calvyn word verketter

Soos reeds genoem, was daar deur die eeue pogings om aan te toon dat Calvyn eintlik 'n algemene genade geleer het. Hierdie mense wil glo dat God sy genade aan almal aanbied en gebruik dan sekere sinne in Calvyn se werke om te probeer bewys dat dit ook sý standpunt was. Ten diepste verstaan hulle nie hoe Calvyn die saak beredeneer het nie.

Calvyn bly getrou aan die Skrif wat leer dat almal opgeroep word om in die Here Jesus te glo. Ongelukkig is die woorde waarmee hy dit beskryf al so deur dwaalleer verwring, dat dit gelaaide woorde geword het. Hy sê dat God sy genade en die verlossing aan alle mense *aanbied* of dat Hy almal *uitnooi* om in Christus te glo. Vyfhonderd jaar ná Calvyn rys ons hare oor hierdie taal, maar dit is presies wat die Bybel leer. Bogenoemde mense sukkel egter om dit met beperkte genade te versoen.

Calvyn bevestig ronduit dat Christus vir die hele wêreld gesterf het en God alle mense nooi om in die genade van Jesus Christus te deel. Dit kom baie duidelik na vore in sy kommentare op Matthéüs 26:28; Johannes 1:29, 3:14-16; Romeine 5:18; Galásiërs 5:12 en vele ander. Bogenoemde mense sien egter die bepaalde paragrawe in sy kommentare in isolasie. Wie Calvyn wil lees, moet sy kommentare én *Institusie* én ander geskrifte as 'n eenheid lees wat mekaar aanvul en opbou. Wie moeite doen om te verstaan, sal sien: Calvyn handhaaf albei waarhede van die Skrif – God se genade is algemeen én besonders. Die genade is gratis vir almal, maar omdat die mens geestelik dood is, gee God die genade net aan sy uitverkorenes.

Calvyn verduidelik hierdie waarheid deur die roeping van die Here. God nooi (roep) alle mense deur die verkondiging van die Woord na Hom toe (algemene of uitwendige roeping) – ook diegene aan wie Hy die roeping as 'n reuk van die dood en rede tot 'n swaarder verdoeming voorhou. Met sy besondere of inwendige roeping vestig Hy, deur die verligting van die Gees, die Woord in die harte van ander. Die koning van Matthéüs 22 (wat mense na sy maaltyd nooi), is vir Calvyn 'n duidelike verklaring hiervan. Baie word genooi (geroep), maar waarom kom baie nie? Omdat min uitverkies is (vgl. v. 14).7 In *A Treatise* ... beskryf hy dit so (vertaal):

**"Die genade van God word in gelyke mate aangebied aan hulle wat glo en hulle wat nie glo nie, sodat hulle wat nie innerlik deur God geleer word nie, uiteindelik sonder enige verontskuldiging gelaat, maar nie gered word nie."**

### Die wonder van die beperkte genade

In *A Treatise* ... begin hy so (vertaal):

**"Hierdie wonderlike onderwerp is nie 'n doring in die vlees of blote spekulasie nie, maar 'n suiwere voordrag ten bate van die gelowiges. Hierdie saak bou ons geloof, begelei ons in nederigheid en bring ons in verwondering oor die oneindige goedheid van God. Daar in nie 'n meer effektiewe manier om ons geloof te versterk as om te luister na die verkiesing van God nie. Die Heilige Gees verseker ons in ons harte dat dit [die uitverkiesing] in die ewige goedheid van God teenoor ons veranker is, daarom kan dit nie deur die storms van hierdie wêreld of deur die aanslae van die Satan of deur die swakheid van die mens verander word nie. Ons redding is vas en seker as ons die oorsprong daarvan in die boesem van God vind."**

---

1. Leraar van die AP Kerk Heilbron.
2. *A Treatise of the Eternal Predestination*.
3. *Institusie* 3.21.5.
4. *Institusie* 3.21.5.
5. *Institusie* 3.21.6.
6. *A Treatise of the Eternal Predestination*.
7. *Institusie* 3.24.8.



# Onweerstaanbare genade – Gregorius van Nazianze

**Dr. Adi Schlebusch**[1]

Gregorius van Nazianze (329-390 n.C.), ook bekend as Gregorius die Teoloog, was 'n baie invloedryke figuur in die vroeë kerk. Hy is gebore slegs vier jaar ná die belangrike Konsilie van Nicéa (325) in die dorp Nazianze, 'n plekkie in Turkye (vandag bekend as Berkalar). Hy is bekend vir sy groot werke wat handel oor die Drie-eenheid en veral sy teologiese bydraes met betrekking tot die leer van die Heilige Gees, oftewel pneumatologie. Hy het tydens die belangrike Konsilie van Konstantinopel (381) vir 'n kort tydjie as aartsbiskop van daardie stad gedien. In die Oosters-Ortodokse teologie word hy al vir eeue as een van die belangrikste kerkvaders geag, maar ook in die Weste is daar veral vir die afgelope paar dekades toenemende belangstelling in en waardering vir sy ryk teologiese bydraes.[2] Sy besonderse groot invloed in die vroeë kerk blyk duidelik uit die feit dat die Konsilie van Chalcedon (451) aan hom die amptelike titel "die teoloog" toegeken het – 'n titel wat tot op daardie stadium amptelik uitsluitlik aan die apostel Johannes gegee is.[3] Hy het saam met sy bekende tydgenote uit dieselfde streek, Basilius die Grote (330-379) en Gregorius van Nyssa (335-395), as die drie Kappadosiërs bekendgestaan.

## God bewerk die bekering van die verdorwe wil

Een van die leerstellings wat baie sterk in Gregorius van Nazianze se teologie na vore kom, is dit wat algemeen bekendstaan as die leer van onweerstaanbare genade – 'n leerstelling wat deur die Dordtse Leerreëls[4] (3/4.11 en 14) soos volg verwoord word:

> **"[W]anneer God hierdie welbehae in die uitverkorenes uitvoer en die ware bekering in hulle werk, dan laat Hy aan hulle nie alleen uiterlik die Evangelie verkondig en verlig Hy nie alleen hul verstand kragtig deur die Heilige Gees, sodat hulle reg kan verstaan en onderskei die dinge van die Gees van God nie; maar Hy dring ook in tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde wederbarende Gees; Hy open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is; Hy besny wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was, lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspannig was, gehoorsaam word ... So is die geloof dan 'n gawe van God; nie omdat dit aan die vrye wil van die mens deur God aangebied word nie, maar omdat dit die mens metterdaad meegedeel, ingegee en ingestort word. Ook nie daarom dat God net die mag om te glo, sou gee en daarna die toestemming of die daadwerklike geloof van die vrye wil van die mens sou verwag nie; maar omdat Hy wat werk om te wil sowel as om te werk, ja alles in almal werk, in die mens teweegbring die wil om te glo en die geloof self."**

## God red wanneer Hy wil red

God se werk van genade deur die Heilige Gees is dus nie afhanklik van die mens se instemming daartoe nie, maar die genade van God behels juis dat beide die gawe van geloof, sowel as die wil om daardie geloof te aanvaar, deur God in die mens bewerk word. Dit is waarom God se gawe van genade in die Calvinistiese teologie dikwels "onweerstaanbaar" genoem word, juis omdat die uitverkore mens nie hierdie gawe kan weerstaan of teenstaan wanneer God dit deur sy Gees aan ons gee nie. En watter troos is dit nie om te weet dat ons geloof, van begin tot einde, 'n gawe van die almagtige God is en dus geensins van ons as nietige, sondige mense afhanklik is nie. Dit beteken dat wanneer God ons wil red, Hy dit inderdaad ook doen. As God jou liefhet en jou deel van sy familie wil maak, dan gaan Hy jou noodwendig red en niks sal jou ooit van sy liefde kan skei nie.

Dit is noemenswaardig hoe prominent hierdie leerstelling, wat deur ons gereformeerde voorouers by Dordrecht in 'n belydenisskrif saamgevat is, reeds in die 4de eeu in Gregorius se werke figureer. By hom staan dit vas: Die saligheid is 'n gawe van God wat deur God self in die

mens bewerk word sonder dat die mens enige verdienstelike bydrae daartoe lewer.[5] Die werk van die Heilige Gees om die wedergeboorte in die uitverkore mens te verwesenlik, beskryf hy dan ook as "'n verandering van die lewe en 'n bevryding van die bande van slawerny en 'n transformasie van die elemente waaruit ons natuur saamgestel is".[6] Hy gaan dan verder deur te noem dat dit "die Gees is wat die geestelike wedergeboorte bewerk en dat ... niemand die koninkryk sal sien tensy hulle deur die Gees vernuwe word nie".[7] In 'n kommentaar op Romeine 9:16 sê hy dan ook uitdruklik presies dieselfde as wat ons in die Dordtse Leerreëls leer, naamlik dat "selfs die daad om vír God te kies, 'n genadegawe ván God is ... Omdat die wil om te kies self ook 'n gawe van God is, skryf Paulus alles aan God toe".[8] Gregorius maak dit dus duidelik dat, soos Filippense 2:13 ook leer, dit God die Heilige Gees is wat in ons die wil of begeerte om vir Hom te kies, bewerk, sonder dat Hy eers ons toestemming daarvoor nodig het.

## God alleen laat ons vír Hom kies

Gregorius se siening van die soewereiniteit van God in die bewerking van die mens se saligheid, is dus volkome in lyn met wat die Skrif en ons gereformeerde belydenisskrifte leer. Hy lê op verskeie plekke baie klem daarop dat wanneer die mens kies om te glo, dan doen hy dit slegs omdat die Heilge Gees ons wil so verander het dat ons nie meer téén Hom kies soos ons van nature geneig is nie, maar vír Hom. Alhoewel ons as mense uit onsself noodwendig altyd teen God sal kies, aangesien ons natuur deur die sondeval verdorwe is, beklemtoon Gregorius tegelykertyd dat die mens nie bloot passief in die ontvangs van geloof is nie, want die geloof is immers iets wat ons ons eie moet maak. Ons doen dit inderdaad gewilliglik, maar net omdat ons genade daartoe ontvang.[9]

Hiervolgens is God se genade dus nie "weerstaanbaar" oftewel afhanklik van die aanneming van die mens, soos die Arminiaanse dwaling wat by die Sinode van Dordrecht (1618-1619) verwerp is, leer nie, maar onweerstaanbaar in die sin dat God diegene wat Hy uitverkies, ook roep, en dié wat Hy roep, tot geloof bring en hulle in die geloof bewaar sodat hulle volhard tot die einde toe (vgl. Rom. 8:28-30, 38-39).

Ons saligheid is dus suiwer genade en sonder enige verdienste van ons kant. In lyn met die Skrif leer Gregorius van Nazianze dat, alhoewel die mens deur die sondeval van nature geneig is om altyd teen God te kies, daar redding van die verderf moontlik is by wyse van God se onweerstaanbare genade alleen.[10]

1. Hoof van die Pactum Instituut en lidmaat van die AP Kerk Lichtenburg.
2. J.A. McGuckin, *Gregory of Nazianzus: An Intellectual Biography* (Crestwood, NY: St Vladimir's Seminary Press, 2001), 24.
3. McGuckin, *Gregory of Nazianzus*, 25.
4. Sinodale Publikasie, *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk* (Hatfield: Lig in Duisternis Uitgewers, 2006), 195.
5. S.J. Lawson, *Pillars of Grace, AD 100-1564: A Long Line of Godly Men* (Orlando, FL: Reformation Trust, 2011), 160.
6. N.V. Harrison, *Festal Orations* (Crestwoord, NY: St Vladimir's Seminary Press, 2008), 100-101.
7. Harrison, *Festal Orations*, 156.
8. P. Schaff, "Oration 37.13," in *Nicene and Post-Nicene Fathers*, Second Series, vol. VII (New York: Cosimo Classics, 2007), 341-342.
9. Schaff, "Oration 33.9," 331.
10. Harrison, *Festal Orations*, 171.


# Belfast Rusoord

*Kom maak ons rusoord jou tuiste waar jy in goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike senior burgers rustig kan raak.*

WEES BARMHARTIG

ONS BIED DIE VOLGENDE:
24 uur mediese versorging • GKTV • 24 uur sekuriteitstoegangsbeheer • Drie gebalanseerde maaltye per dag • Aktiwiteite vir elkeen.

PRYSE: Semiversorgend – R6 180 • Verswakte bejaardes – R 6 720
Woonstelle: Selfversorgend – Eenmanwoonstel – R2 830
1 Slaapkamer R4 500 – 2 Slaapkamer R6 070.

**Kontak die bestuurder vir enige navrae: Riana de Villiers by 013-253 3121 / 063 663 7449 of e-pos: manager@belfastrusoord.co.za**






# Die volharding van die heiliges volgens Cyprianus

**Prof. Gerrit Smit**[1]

## Inleiding

Cyprianus (200-258) was een van die kerkvaders en was afkomstig uit Karthago, Noord-Afrika (hedendaagse Tunisië). Naas Chrysostomos (347-407) en Augustinus (354-430), was hy een van die grootste invloede op die Kerkhervormers, onder andere Johannes Calvyn en Martin Bucer.[2]

## Agtergrond

'n Mens kan eintlik nie aan die teologie van Cyprianus reg laat geskied alvorens jy nie kennis geneem het van die teologie van Tertullianus (150-222) nie. Cyprianus was 'n opvolger van Tertullianus en is sterk deur sy prediking en werke beïnvloed. Daar word vertel dat daar nie 'n dag verbygegaan het waarop Cyprianus nie iets uit die Bybel gelees en dit dan vergelyk het met wat Tertullianus daaroor gesê het nie. Vandaar toon sy teologie baie ooreenkomste met dié van Tertullianus.

> **Hoewel Cyprianus bekend is as dié kerkvader wat die kinderdoop geleer het, het hy 'n reuse-bydrae gelewer tot die kerk se verstaan van die onderskeid tussen die sigbare en onsigbare kerk, asook die leer oor die uitverkiesing van God. Dit is dus te verstane dat Cyprianus so 'n groot invloed op die Kerkhervormers se teologie gehad het.**

Cyprianus was nie die intellektuele reus wat Tertullianus was nie, maar sy goedhartigheid, opregtheid en erns waarmee hy die kerk bedien het, het hom gou baie geliefd onder gelowiges gemaak. Hy was maar minder as 'n jaar lank leraar in die kerk in Karthago toe die groot vervolging van Christene onder keiser Decius in 250 uitgebreek het. Dit was nie die eerste vervolging van die kerk nie, maar Decius se vervolging het vir die eerste keer oor die héle Romeinse Ryk gestrek. Derhalwe het dit ook na Noord-Afrika oorgespoel, wat andersins tot dusver dikwels die vervolgings vrygespring het. Dié keer was daar vir Christene min wegkruipplek.

## Wat gemaak met dié wat afvallig raak?

Die grootste uitdaging vir die kerk in dié tyd was die bevel van die keiser waarvolgens alle Romeinse burgers verplig was om offers aan die Romeinse afgode te bring. Cyprianus kon daarin slaag om 'n plek van veiligheid te vind en het talle briewe aan gelowiges geskryf om hulle te bemoedig. Hy het hulle ook aangespoor om in die geloof te volhard en nie toe te gee aan die versoeking om Christus te verloën ter wille van tydelike vrede nie. Dit was egter glad nie maklik vir almal om enduit te volhard nie. Christene is uit die samelewing verban, met stokke geslaan, lewend verbrand en in hulle honderde onthoof. Sommige kon die druk nie meer hanteer nie en het uiteindelik in die heidense tempels gaan offer.

> **Toe die ergste vervolging sowat 'n jaar later bedaar, was hierdie kwessie 'n ernstige vraagstuk in die kerk: Wat moet met Christene wat afvallig geraak het, gedoen word?**

In 251 keer Cyprianus na Karthago terug. Sy advies was dat Christene wat tydens die vervolging aan die afgode geoffer het en deel van die kerk wil bly: hul skuld moet bely; die Here om vergifnis moet vra vir hul sonde; belydenis moet doen van hul geloof. Dan eers kan hulle weer in die kerk opgeneem word. Hy meen dat dit nie sommer net lippediens mag wees nie. Sulke persone moet ernstig deur die ampsdraers ondersoek word alvorens hulle in die kerk opgeneem mag word – ter wille van die heiligheid van die kerk.

Almal in die kerk was egter nie daarvoor te vinde dat afvalliges so maklik toegelaat moes word nie. Sommige het aangedring dat mense wat hulself buite die kerk geplaas het, nie gered kan word nie en die ewige verdoemenis verdien. 'n Sinode van die kerke in Noord-Afrika het vervolgens in 254 in Karthago plaasgevind en


nieteenstaande teenkanting van sommige, is Cyprianus se standpunt oor die lot van afvalliges deur die kerk aanvaar. Die hoofsaak van dié Sinode se besluite was:

> **God red sy uitverkorenes ten spyte van hul sonde, alléén op grond van die soenverdienste van Christus en nié die werke nie.**

## Volharding van die heiliges en die rol van die kerk

Cyprianus was deeglik bewus dat die versoekings van die wêreld sommige gelowiges tydelik van die kerk afvallig kan maak. Sy leer oor die volharding van die heiliges het behels dat ware gelowiges in Christus, hoewel dit moontlik is dat hulle soms vir 'n tyd lank afvallig van die geloof kan word, altyd uiteindelik sal terugkom. Christus leer dat niemand die ware kind van God uit die Vader se hande kan ruk nie (vgl. Joh. 10:28) en daarom kan 'n ware gelowige nie die geloof verloor nie. Dit is egter nie deur hul eie toedoen of keuse nie, maar alléén deur die genade van God dat hulle dit kan regkry. Dié wat deel van die kerk was en afvallig van die geloof word en nooit weer terugkeer nie, meen Cyprianus, was nooit ware gelowiges nie. Die Kerkhervormer, Johannes Calvyn, het dit later verduidelik as mense wat 'n "tydsgeloof" gehad het, na aanleiding van die gelykenis van die Here Jesus oor die saaier (vgl. Lk. 8:13).

Verder sê hy dat volharding in die geloof vir die ware kind van God moontlik is indien hy aktief in die kerk van Christus betrokke is. Die kerk is die plek by úitstek waar gelowiges mekaar tot liefde en goeie werke kan aanspoor en waar mense geleer word hoe om in die geloof te volhard. Cyprianus het die kerk met Noag se ark vergelyk. In een van sy briewe[3] sê hy dat niemand buite Noag se ark oorleef het nie en as iemand binne die ark sou besluit om die ark te verlaat, hulle onder die oordeel van God sou kom. Hy wys hoe sommige mense Matthéüs 18:20 (*Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde*) verdraai om te meen dat hulle God liefhet, maar nie die kerk nodig het nie en dat hulle God net so goed by hul huise kan dien as in die kerk. In hierdie verband sê hy dat iemand wat hierdie vers buite die konteks van die vorige verse lees, verdraaiers van die Evangelie is, want in die vorige verse word duidelik geleer dat die kerk die sleutels van die hemelryk dra – wat die hemel kan oopsluit óf toesluit. Hy stel dit dat sulke valse leraars slegter daaraan toe is as dié wat aan die afgode geoffer het, aangesien hulle nie berou oor hul sonde van afvalligheid het nie. Dit was in hierdie konteks dat die bekende uitdrukking van Cyprianus ontstaan het:



Cyprianus

> **"Jy kan nie God as Vader hê, as jy nie die kerk as moeder wil hê nie."**

Cyprianus het dus 'n hoë waardering vir die kerk gehad en dwarsdeur sy briewe die gelowiges aangemoedig om, ten spyte van hul verlede, hulle by die kerk te voeg om gehelp te word om deur die prediking van die Evangelie in die geloof te volhard.

## Samevatting

Ons kan ons die Kerkhervorming (Reformasie) nie indink sonder die teologiese bydrae van die kerkvader Cyprianus nie. Hy het die kerk as die moeder van elke ware gelowige beskou: sy wat die heiliges wil beskerm; hulle wil leer; hulle wil aanmoedig om te volhard in die geloof tot aan die einde van hul lewens. Natuurlik is dit nie die kerk wat mense red nie, maar iemand wat gered is, sal nie sonder die kerk wil wees nie. As 'n mens Cyprianus se bydrae oor die volharding van die heiliges wou opsom, sou jy kon beaam wat Jim George gesê het:

> **"Dit is nie hoe jy begin wat belangrik is nie, maar hoe jy eindig."**

1. Leraar van die AP Kerk Wonderboom en Rektor van die AP Akademie.
2. In die eerste twee uitgawes van Calvyn se *Institusie* (1536 en 1539), vind ons net 4 aanhalings van Cyprianus. In 1543 erken Calvyn dat die min verwysings wat hy in die eerste uitgawes gebruik het, te wyte was aan 'n gebrek aan beskikbare bronne; vgl. Anthony N.S. Lane, *John Calvin. Student of the Church Fathers* (Edinburgh: T&T Clark, 1999), 116. In die laaste uitgawe van sy *Institusie* (1559), haal Calvyn 28 keer uit Cyprianus se werke aan. Martin Bucer haal die meeste aan uit die kerkvader Cyprianus (vgl. bv. Bucer se werk: *Florilegium*).
3. Cyprianus, *Epistoles 75*, 1-2.



# Wat beteken dit om gereformeerd te wees?[1]

**Dr. Brian A de Vries**[1]

**Wat beteken dit om te sê dat 'n denominasie of plaaslike kerk gereformeerd is? Dit is nodig om oor hierdie vraag na te dink omdat die woord "gereformeerd" op ten minste vyf verskillende maniere gebruik kan word.**

## Die betekenis van die woord

Eerstens sê ons dat ons konfessioneel gereformeerd is. Die susterkerke onderskryf die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls. Naby verwant aan hierdie Drie Formuliere van Eenheid is die Westminster Standards (Westminster Confession of Faith, Westminster Larger Catechism, Westminster Shorter Catechism) uit die Engelse tradisie, asook ander soortgelyke belydenisse.

Tweedens kan ons ook histories gereformeerd wees. Die susterkerke en ander soortgelyke kerke in Suid-Afrika spoor hul geskiedenis terug na die Protestantse Reformasie en die Nederlandse Nadere Reformasie, met ortodokse leiers soos Johannes Calvyn, Gisbertus Voetius en Wilhelmus à Brakel. Baie kerke, alhoewel hulle steeds die gereformeerde belydenisskrifte onderskryf, is nie langer histories gereformeerd nie, omdat hulle van die ortodokse leerstellinge en praktyke uit die verlede afgewyk het.

Derdens kan ons leerstellig gereformeerd wees. Die woord "gereformeerd" verwys ook na 'n stelsel van leerstellinge omskryf deur die bekende vyf Solas: Ons word gered deur genade alleen, deur geloof alleen, in Christus alleen, soos geopenbaar deur die Skrif alleen, tot eer van God alleen. Baie kerke in Suid-Afrika verkondig vandag hierdie teologie, insluitend die gereformeerde Anglikane, gereformeerde Presbiteriane, baie gereformeerde Baptiste van verskillende genootskappe en selfs verskeie ander charismaties-georiënteerde groepe.

Vierdens kan ons ook organisatories gereformeerd wees wat betref ons kerkregeringstelsel. Hier is die kriteria meer prakties: 'n spesifieke ekklesiologie (kerkbegrip) met die tersaaklike toepassings. Ongelukkig word hierdie gebied dikwels deur sekondêre besprekings oorheers omdat dit afgelei word van leerstellige, historiese en konfessionele gereformeerd wees.

Vyfdens kan ons kultureel gereformeerd wees. In Suid-Afrika staan gereformeerd wees in noue verband met die Afrikanerkultuur en -tradisies van die 20ste eeu en die drie susterkerke. Ongelukkig is baie Afrikaners net Christene in naam – kultureel gereformeerd, maar in die praktyk verwerp hulle gereformeerde teologie, omdat hulle dit nie uitleef nie. In teenstelling met die genoemde tendens is sommige nie-Afrikaanse kerke, hoewel hulle nie kultureel gereformeerd nie, beslis gereformeerd op al die ander vlakke.

## Kom ons evalueer ons eie gereformeerd wees

Dit is bekend dat baie van die susterkerke in Suid-Afrika nie langer histories óf leerstellig gereformeerd is nie. Tog is daar ander kerke wat minstens op sommige vlakke wel gereformeerd is. Baie Baptiste is glad nie gereformeerd in enige sin van die woord nie. Tog ís daar Baptiste in Suider-Afrika wat histories gereformeerd is en Charles Spurgeon en ander groot evangeliese predikers navolg. Hierdie Baptiste is meestal ook leerstellig gereformeerd en verdedig getrou die meeste van die waarhede in die gereformeerde belydenisskrifte.

Dit is ook bemoedigend om kennis te neem van sommige gereformeerde Suid-Afrikaanse Anglikane en veral die groeiende aantal gereformeerde Presbiteriane wat ongetwyfeld histories én teologies gereformeerd is en ook volgens die Skotse tradisie, 'n gereformeerde kerkorde gebruik.

In watter sin van die woord is jou kerk gereformeerd? Ons moet hierdie vraag dalk meer persoonlik maak aangesien die woord "gereformeerd" op verskillende

maniere gebruik kan word. Daarom, op watter vlak(ke) is jy gereformeerd? 'n Kerk kán organisatories en kultureel gereformeerd wees en die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf, maar selfs dán die kern van Bybelse kerkwees mis.

- **Is jou kerk gereformeerd in leer en lewe – volgens die Skrif?**
- **Is jou kerk een met ander Bybelgetroue kerke – histories en wêreldwyd?**
- **Is jou Christelike getuienis meer as net 'n kulturele uitdrukking van jou godsdienstige of etniese erfenis?**

Om Bybelse waarhede te verkondig en die Afrikanerkultuur te bevorder, is nie dieselfde ding nie, hoewel laasgenoemde met tye goed en nuttig is. Kan dit wees dat baie kerke net 'n spesifieke kulturele erfenis "preek" en hul roeping om die Bybelse waarheid binne 'n goddelose samelewing te verdedig, agterweë laat?

### 'n Weg vorentoe

Baie sogenaamde gereformeerde kerke staar op hierdie gebied tans ernstige gevare in die gesig wanneer hulle eerstens, toelaat dat ander godsdienstige ideologieë (soos liberale teologie en wêreldsheid) ons getroue belydenis van Bybelse teologie mislei en tweedens, toelaat dat 'n weergawe van gereformeerde kultuur op 'n subtiele wyse ons uitleef van gereformeerde teologie oorskadu. Ons moet teen alle kompromieë waak (vgl. 1 Tim. 4:16).

Ons kerke moet gereformeerd bly. Daar is baie kommerwekkende tekens in Suid-Afrika, maar dit is nie te laat nie. God het sy kerk al dikwels laat herleef; die kerkgeskiedenis gee baie voorbeelde van werklike geestelike herlewings. Ons moet afwykings van die gereformeerde teologie verwerp. Liberale teologieë wat aan Suid-Afrikaanse universiteite geleer word, is 'n vals godsdiens wat deur kerkleiers openlik bestry moet word. J Gresham Machen, 'n gereformeerd-Presbiteriaanse predikant, het hierdie punt honderd jaar gelede in sy klassieke werk, *Christianity and Liberalism*, duidelik gemaak. Dit is nie genoeg om net die gereformeerde belydenisskrifte te erken nie, aangesien baie kerke met 'n goeie belydenis ver van die getroue leer van die Skrif afgedwaal het.

Ons moet ophou om gereformeerde kultuur bo gereformeerde waarheid lief te hê. Om kultureel gereformeerd te wees, is nie genoeg nie. Op die oordeelsdag sal daar mense wees wat in gereformeerde kerke grootgeword het met die oortuiging dat hul doop 'n kaartjie hemel toe was. Maar die Here Jesus sal vir hulle sê:

***Ek het julle nooit geken nie* (Mt. 7:23).**

Ons moet terugkeer na ons historiese wortels. Ons het 'n herontdekking van die ou skrywers nodig: Nie net teoloë soos Andrew Murray of Dirk Postma nie, maar veral hervormers soos Calvyn; geestelike leiers soos Voetius en À Brakel; Puriteine soos John Owen en Matthew Henry.

Dit sal 'n groot jammerte wees as die gereformeerde stem in Suid-Afrika stil gemaak word. Ons moet weer rondom die historiese leerstellinge van soewereine genade verenig en saam ons toewyding aan gereformeerde waarheid bely. Gegewe die toenemende teenstand van 'n goddelose samelewing, is dit selfs meer dringend dat ons in ons openbare getuienis van Bybelse waarheid, verenig.

---

1. Vertaal deur ds. Henning Dafel.
2. Hoof van Mukhanyo Teologiese Kollege en leraar van die Grace Reformed Church in Pretoria.


**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**AP KERKDASSE**

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

**ADVERTEER IN *DIE BOODSKAPPER*!** Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za

AP KERK BRAKRIVIER

## Dit woel op Brakrivier

Op die voorpunt van 2023 het ons die volgende lidmate verwelkom: Ockie en Leonie Venter en hul seun Jaco vanaf die AP Kerk George; Sakkie en Marietjie van der Merwe vanaf die AP Kerk Riversdal en vanaf die AP Kerk Warmbad het Elize Koppenschaar by ons lidmaat geword.

Op 1 Februarie was ons gemeente 'n jeugdige 30 jaar oud en daarmee is die feesseisoen ingelui. Hierdie mooi verjaarsdag is met 'n ordentlike braaivleis gevier saam met twee van die oorspronklike stigterslede, Gert en Elza Rademeyer.

Met leedwese het ons op 16 Februarie van ons geliefde en hardwerkende koster en saakgelastigde, Steve Olivier, afskeid geneem. Sy eggenote het die twee poste op haarself geneem en sodoende 'n gladde oorgang bewerkstellig. Aan God al die eer en dank!

Op 8 Maart is 'n Bybelstudiegroep onder die bekwame leiding van prof. Roelof Marè op die been gebring. Intussen het 'n aantal senior lidmate hulle as "Kieries" gegroepeer om "lidmate saam te snoer in maandelikse aksies om die eensaamheid en verveling van die aftreejare te stuit". Ons eerste uitstappie vind plaas op 2 Augustus wanneer die wiele die grondpad gaan tref op pad na 'n privaat wildreservaat.

Op 24 Mei het die susters om die soppotte verenig om 'n pragtige Pinkstergeleentheid moontlik te maak. Kort daarna was dit nagmaal en dié keer is ons op deftige koek en tee in die voorportaal trakteer.

Nog was dit het einde niet. Met ons predikantsvrou, suster Susan, se verjaarsdag op 13 Junie, het die susters in die grootste geheimhouding vir haar die fees der feeste voorberei. Dit was 'n lieflike verjaarsdag met 'n stylvol gedekte tafel, interessante eetgoed, blommerangskikkings en foto's van haar gesin.

Janine du Plessis



*Suster Susan se verjaarsdagvieringe*



*'n Fees der feeste*



*'n Fees der feeste*

AP KERK GROBLERSDAL

## Gemeentelike aktiwiteite

Ons gemeente was die afgelope ses maande baie geseënd. Lidmate weet hoe om lekker saam te kuier, veral as die Jeugaksie moet sê watter wyk se potjiekos die lekkerste is.

Daar word elke kwartaal 'n jeugaksie geloods waarby al die dooplidmate op die een of ander wyse betrek word. Die aksies bied geleentheid vir geestlike verryking en heerlike sosialisering.

Die tema van die voor- en laerskooljeug se aksie was: "Laat jou liggie skyn". Die dooplidmate het almal by 'n plaas in die omgewing bymekaargekom. Daar het hulle 'n Bybelles gehad en bespreek hoe Christene hul liggies in 'n donker wêreld laat skyn. Die kinders het aan 'n nagmars tot by 'n lantern deelgeneem. Van die jonger kinders wat nie wou saamstap nie, het rustig om die kampvuur gesit en sing. Dit was 'n heerlike gesellligheid in die natuur. Die aand is met 'n koppie warm sjokolade afgesluit. Ons sien uit na die res van die jaar se jeugaksies.

### Doopgeleentheid

Vier ouerpare het hul kindertjies ten doop gebring. Mag die ouers genade ontvang om hul doopbeloftes te eer.

### Belydenis van geloof

Nege finalejaarkatkisante het belydenis van geloof afgelê. Ons is geseënd en baie trots en dankbaar om die nuwe belydende lidmate in ons gemeente te verwelkom.

Anita Pieterse



*Links: Gerhardus en Elisma met Sumarie, Nicolette en Gerhard Alberts met Christo van Tonder, Renske en Waldi Miessner met Lumé*



*Jo-Mari Janse van Rensburg*



*Ds. Paul Möller, Mari-Su, CC en boetie Wickus met Liané Venter*



*Agter Links: Dawid Pretorius, Wian Smit, ds. Paul Möller, Pieter Rautenbach, Barend Botha. Voor Links: Lee-Ann Nel, Mariaan de Jong, Ansuné Olivier, Karmi Janse van Rensburg*

### Gemeentenuus – ons wil graag van u hoor!

Stuur asseblief alle gemeentenuus in Microsoft Word-formaat aan ons. Nuusbrokkies moet nie langer as 300 woorde wees nie en ook nie ouer as ses maande nie. Ons wil graag foto's saam met u berig plaas. Stuur dit asseblief apart aan en nie as deel van die Word-dokument nie. Ons benodig die oorspronklike, hoëresolusiefoto's. Stuur u gemeentenuus na boodskapper@apk.co.za vir plasing.

**AP KERK WELKOM**

## Huldeblyk: Johannes Jacobus Steyn (17 Desember 1962-13 Januarie 2023)


Johan Steyn

Johan het vir baie jare as diaken en ook later as ouderling gedien. Huisbesoek het hy uitsonderlik goed gedoen en het selfs gehelp met besoek in vakante wyke. As koster het hy sy pligte deeglik nagekom, tot so 'n mate dat dit altyd die oog gevang het hoe skoon en netjies die kerkgebou was. Hy was ook aktief betrokke by projekte, veral die vlooimark- en pannekoekprojek, wat uiters geslaagd was. Die week voor sy dood was hy nog met barmhartigheidswerk in ons gemeente besig. Alle pligte het hy getrou met toewyding en ywer uitgevoer.

Johan was 'n diep gelowige mens wat 'n innige verhouding met sy Vader gehad het. Daarvan getuig sy kennis van die Bybel en sy opregte gebede voor en ná die eredienste in die konsistorie.

Namens die gemeente die volgende boodskap aan sy vrou, Debbie: Wees dankbaar vir die geleende tyd wat julle saam op aarde kon wees. By die Vader in die hemel sal jy hom weer ontmoet. Sy stem het stil geword, maar sy nagedagtenis leef voort.

Oudl. Hannes van de Vyver

**Oornagverblyf Kroonstad**
2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL**
• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer
Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.
MAJUBA 1881
NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.
**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Kasteelsig Gastehuis**
**Pretoria**
Umgeni straat 366, Erasmuskloof
±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756

**EDENPARK KAMPEEROORD**
Edenpark Kampeeroord is in die hartjie van die Waterberg-distrik geleë, 14 km buite Naboomspruit. Ons bied 31 luukse kampeerstaanplekke, elk met privaat ablusie- en opwasgeriewe. Kom beleef die rustigheid van die Bosveld.
**www.edenpark.com**
**082 455 9320 | edenparkoord@gmail.com**

**Gariepdam**
Bekostigbare oornagverblyf, goed geleë in die middel van SA, tussen Gauteng, Kaap, Natal en Oos-Kaap. Verskeidenheid opsies beskikbaar, vanaf enkelpersone tot groot gesinne, asook groepe. Veilige parkering in 'n rustige omgewing.
**Kontak Debbie: 082 326 5714**

AP KERK KLEINFONTEIN

## Pik-en-proe

Op Saterdagaand 8 Julie was dit weer tyd vir ons Kleinfontein-lidmate se jaarlikse Pik-en-Proe. Die tafels het gekreun onder die pure oordadigheid van heerlike geregte en poedings uit lidmate se kombuise. Eenmaal was nie genoeg om aan 'n gereg te proe nie. Nee! Daar is sommer vir die vale gepik soos almal verskeie kere na die tafels teruggekeer het om nóg te proe!

Onder die bekwame leiding van suster Germéri Conradie het die susters uitgehang met aantreklike tafels en keurige voorbereiding, wat die geleentheid sommer ekstra aangenaam gemaak het.

Johanie Genis se smaaklike voorgereg het aan haar 'n prys besorg en die smaakkliere in die regte luim gekry terwyl die immergewilde Boeregereg, 'n heerlike beesstertbredie, die einste kliere vertroetel het en loshande vir Marie Venter die hoofgeregprys laat wen het.

En wie sou kon dink dat 'n man met die poedingprys sou wegstap! Carel Kruger se poeding was soettand-, watertandlekker. Dit het 'n ouer dame laat opmerk: "Kan julle glo dat 'n jongman ons ouer dames nou moes kom wys hoe 'n man van sy poeding hou!"

Hannes Davel



*Al die heerlikhede is eers goed uitgekyk ...*



*... toe is daar gepik ...*



*... en toe is daar geproe ... hoewel dit lyk of drie van die Krugerbroers al verby proe is en net heerlik smul!*

AP KERK WATERBERG

## Basaar: Die oesjaar

Ons het weer heerlik basaar gehou en dit was 'n groot sukses met die seën van die Here. Ons basaartema was: "Die oesjaar."

Die belydende lidmate het hard gewerk en lekker gekuier en die dooplidmate het van die geleentheid gebruikgemaak om lekker te speel. Ds. Erasmus het die basaar met 'n boodskap uit Psalm 126:5 geopen: *Die wat met trane saai, sal met gejubel maai.*

Stoffel Visser



*Basaar*

AP KERK NELSPRUIT

## Die Loeries wou gaan vlieg!

Die Loeries (senior lidmate) het op 14 Junie 2023 'n baie aangename uitstappie na die Kruger Mpumalanga Internasionale Lughawe gehad. Met groot opgewondenheid het die groep daar aangekom. Oom Martiens en tannie Ansie was, soos dit 'n oudplaasboerpaartjie betaam, eerste daar. Al is dit die Laeveld, was daar 'n snerpend-koue windjie. Tannie Elize en tannie Linda was aangenaam verras toe die toerleidster flink vir hulle rolstoele laat kom het en toe kon die toer van die lughawegebou begin.

Die lughawe is in 2001 voltooi en die eerste vliegtuig het in Oktober 2002 geland. Die grootste grasdakgebou in Afrika word hier aangetref en die aanloopbaan is 3,3 km lank. Die lughawegebou spog met 'n Afrika-tema en huisves koffiewinkeltjies, eetplekke, ruskamers en geriewe, wat die plaaslike werkers skoon en netjies hou.

Dit was opwindend om te sien waar vliegtuie opstyg en land. Die groep kon die Boeing wat vuurslaanspanne na Kanada geneem het van buite besigtig, aangesien hulle met opknappingswerk binne besig was. Die Kruger Lughawe hanteer talle vlugte van regoor die wêreld en 'n Boeing 777, een van die grootstes ter wêreld, het onlangs hier geland.

Ná 'n heerlike middagete saam met ds. Louis Kirstein en sy vrou Marié, het die groep van 14 Loeries gegroet en huiswaarts gekeer. Daar sal nog lank, met groot dankbaarheid en genoegdoening, teruggedink word aan 'n heerlike dag saam as senior lidmate.

Ella Henningse




**Natal Suidkus – Southport**

Lekker, gerieflike selfsorgtuinwoonstelle te huur vir vakansie. Ten volle toegerus. Loopafstand van die see, braaigeriewe, see-uitsig, DStv, ens. Tariewe vanaf R350 per dag.

***Kom ontspan in 'n rustige, stil omgewing!***

**Kontak Hendrie: 072 932 1070**

**SUIDKUS – MARGATE**

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.

Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922

AP KERK MOSSELBAAI

## Daleen Pienaar: Pitkos tot nadenke



Ds. Dawie Pretorius saam met Daleen en Theo Pienaar

Die gemeente is baie trots op hul orreliste, Daleen Pienaar. Sy is nie net ’n knap orreliste nie, maar het haar ander mooi talent getoon met die pragboek *Pitkos tot Nadenke*. Ons glo dat hierdie blokraaiboek vir lidmate (oud en jonk) voorwaar pitkos tot geestelike groei sal wees.

Baie geluk, Daleen! Dankie vir jou toewyding en harde werk. Dankie ook aan oom Theo (gade) vir sy bystand en aanmoediging.

Ria Webb

AP KERK KLEINFONTEIN

## Afsterwe van oom Ben van den Berg



’n Geliefde lidmaat van die AP Kerk Kleinfontein, oom Ben van den Berg, het op 13 Junie 2023 op die mooi ouderdom van 81 jaar na sy ewige tuiste vertrek.

Oom Ben en sy ewe beminde eggenote, tannie Heleen, het op Kleinfontein kom “aftree”, waar oom Ben egter eers vir etlike jare die bestuurder van Kleinfontein was. In sy laaste jare het hy die reëlings vir begrafnisse op Kleinfontein behartig en ook gesorg dat die begraafplaas netjies in stand gehou word.

Wat die kerklike lewe betref, was oom Ben ’n voorloper. Hy was vir baie jare ouderling en ook saakgelastigde en het sy werk met pynlike presiesheid uitgevoer. Oom Ben was ’n toegewyde en diep gelowige Christen. Wat min mense dalk weet, is dat oom Ben en tannie Heleen in hul jonger jare lank op die sendingveld gearbei het.

Oom Ben was ’n groot volksman wat gedurende die hewige politieke stryd van die 80’s en vroeë 90’s ’n leidende rol op die volksakker gespeel het. Hy het onder meer as hoofsekretaris gedien tydens die ontstaan en ontwikkeling van die pioniersorganisasie, die Vereniging van Oranjewerkers, wat selfwerksaamheid bevorder het in ’n tyd toe niemand daarvan wou hoor nie. Hierdie lang en halfvergete geskiedenis het oom Ben, as ’n laaste liefdesdaad, te boek gestel en dit is etlike maande voor sy afsterwe gefinaliseer.

Die AP Kerk Kleinfontein voel sommer baie armer met die verlies van hierdie groot man en treur saam met sy geliefde eggenote tannie Heleen en sy twee kinders, Jako en Kristien en hul drie kleinkinders.

Pieter Bruwer



# Oorlogstydse Radio Zeesen

**Dr. Pieter Mulder**

In 1902 het Brittanje die twee onafhanklike Boererepublieke met geweld die Britse Ryk ingeboelie. In die jare daarna het Afrikaners verskillend hierop gereageer.

Vir een groep, met Jan Smuts as leier, was dit beter dat 'n klein landjie soos Suid-Afrika deel van die groter Britse Ryk word. Die ander groep, volgelinge van genl. JBM Hertzog, wou die ou Boererepublieke terugkry en so vry van Brittanje kom. Teen hierdie agtergrond breek die Tweede Wêreldoorlog in 1939 tussen Duitsland en Brittanje uit.

Die Hertzogiete wou dat Suid-Afrika, soos die VSA, neutraal bly en nie betrokke raak by 'n oorlog duisende kilometers ver nie. Die Smuts-mense het oorlogsdeelname aan Brittanje se kant gesteun. By baie Afrikaners was die wrede Britse konsentrasiekampe en Tweede Vryheidsoorlog nog vars in die geheue en daarom was talle Duitsland bo Brittanje simpatiekgesind. Nie omdat hulle die nasionaal-sosialisme van Hitler verstaan of ondersteun het nie, maar omdat hulle teen Brittanje was.

My ma het vertel hoe hulle in hierdie tyd nooit die einde van 'n rolprent gesien het nie – teaters was verplig om "God save the King" (die Britse volkslied) aan die einde van elke rolprentvertoning te speel. Dit was deel van die Smuts-regering se poging om mense lojaal teenoor Brittanje in die oorlog te kry. Teatergangers moes dan opstaan en dit saamsing. Die enigste manier om dit te vermy, was om voor die einde van die rolprent te loop. Potchefstroomse studente het hul eie lied ("Die Mislied") geskep om op die wysie van "God save the King" te sing. Dit was bewys van hoe hoog emosies daardie tyd geloop het:

**"Ou vriend, sal jy vir my**
**'n wavrag mis laat kry?**
**Ek sal betaal**
**Ek sal die prys betaal**
**As ek die mis kom haal**
**Maar dit moet kraalmis wees**
**Goeie mis – en droog!"**

Aan die begin van die oorlog het Duitsland een ná die ander Europese land oorrompel. Wat gaan van Suid-Afrika ('n Britse kolonie) word as Duitsland Brittanje wen? Die hoop van baie was dat ons dalk so ons eie onafhanklike republiek kon terugkry.

Tydens die oorlog is Duitse oorlogspropaganda met baie sterk kortgolfsenders as Radio Zeesen na verskeie dele van die wêreld uitgesaai – ook in Afrikaans na Suid-Afrika. Britse nuusbulletins is deur die SAUK herlei as die nuutste nuus oor die oorlog. Die enigste manier om die Duitse weergawe van die nuus te hoor, was om na Radio Zeesen te luister. Die Smuts-regering se pogings om hierdie uitsendings te blokkeer, het juis gemaak dat duisende mense skelm elke aand Radio Zeesen geluister het.

Die uitsendings het begin met "naand Boere", opgevolg met bekende Afrikaanse volkswysies. Daar was ook elke aand 'n skeepsklok wat met sy aantal slae aangedui het hoeveel skepe die betrokke dag deur die Duitsers gesink is. Die Afrikaanse omroeper wat uit Duitsland uitsaai, het presies geweet hoe om Afrikaner-emosie met die regte boodskappe op te wek. Op 1 Maart 1941 het die Zeesen-omroeper dit oor 'n nuwe toekoms vir Suid-Afrika: "Daar is niks so seker as dat ons vryheid ook nou naby is nie." Ná 'n koerantberig dat genl. Smuts in die Britse oorlogskabinet opgeneem mag word, is die Zeesen-opmerking op 14 Junie 1941:

**"Ons is oortuig dat die Afrikanervolk, wat keer op keer deur Smuts verraai is, baie graag die Field Marshall aan Engeland sal afstaan."**

Radio Zeesen het selfs op 11 Januarie 1943 'n oproep op Afrikanervroue gedoen om meer kinders te hê: "Die geboorte van elke Afrikanerkind is 'n spyker in die doodskis van Britse imperialisme." Nadat Duitsland Rusland binnegeval het, verduidelik die Afrikaanse omroeper op 22 Junie 1943 uit Duitsland: "Duitsland veg vir Christenskap, maar jul regering ondersteun Russiese Bolsjevisme (kommunisme)."

Vervolg op bl. 36



# Aan die anderkant van die wêreld

**Pieta Oosthuizen**

## Ek glo nie wat ek hoor nie

"Pappa, ek het besluit om ook in Amerika te gaan werk." Dié woorde van my 21-jarige seun laat my na asem snak. "Pappa moet hoor hoeveel geld het David verlede jaar in Amerika verdien." En voor ek nog mooi tot verhaal kan kom, "ek het vandag uit my werk bedank".

Hoeveel ouers moet nie jaarliks hierdie woorde aanhoor nie? Die scenario's mag effens verskil. Soms is dit 'n seun wat sy studies staak of 'n afgestudeerde kind wat nie werk kry nie. In baie gevalle deesdae is dit 'n pa met skoolgaande kinders wat sy werk verloor het. Wat ook al die geval, vir baie ouers voel dit soos 'n doodsvonnis wanneer ons verneem dat ons kinders in die buiteland gaan werk.

Talle vrae het gelyktydig deur my kop gemaal: Waar gaan die kind werk kry? Gaan hy genoeg en gesond kan eet? Wat as hy skielik siek word? Wat as hy sy aansluitingsvlug in Zürich, Switserland, verpas? Wie gaan ons help om deur al die papierwerk van paspoorte en visums te worstel? En dan seker die belangrikste vraag: Gaan ons hom weer sien?

## Sielestryd

Wanneer 'n mens effens tot verhaal kom, begin jou werklike sielestryd. Sal my kind naby aan die Here bly leef? Sal hy staande kan bly in 'n Goddelose wêreld? Is daar 'n erediens wat hy kan bywoon, al is dit in 'n Engelse kerk? Sal hy sy geloof behou? Sal hy gereeld Bybel lees en bid? En dan dring die besef skielik tot jou deur. Dit is eintlik 'n baie groter toets vir jou eie geloof as vir jou seun s'n. Jou kind se naam is mos in die boek van die lewe opgeskryf. God is baie duidelik hieroor in Lukas 10:20 ... *maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is.* Waarom twyfel jy dan aan God se belofte in Hebreërs 13:5: ... *Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.* En weer in Johannes 10:28:

*En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*

## Gemoedsrus

Skielik het my gemoed tot bedaring gekom en ek het geweet God is in beheer. Ook van vlug LX283 vanaf Johannesburg na Zürich en ook van die aansluitingsvlug na O'Hare internasionale lughawe in Chicago, VSA. Selfs daar waar my kind teen 'n gemiddelde spoed van 873 km/h en 'n hoogte van 21 496,8 m bo moederaarde op pad was na 'n bestemming letterlik aan die anderkant van die wêreld. Maak nie saak wat met die vliegtuig gebeur nie, my kind was veilig. Want God is in beheer, binne-in die vliegtuig en ook aan die buitekant by -57º C.

En die belangrikste van alles is dat die Heilige Gees mos self in die harte van gelowige kinders van die Here woon en hul voetstappe rig. Van hul eerste babatreëtjies, klein spoortjies in die sandput by die kleuterskool, diep spore wat oor die hele skoolterrein verspreid lê, tot daar waar hulle as volwassenes deur doeane stap en die laaste tree gee om in die kajuit van die Airbus A340-300 te verdwyn. En dan natuurlik ook waar hulle aan die anderkant van die wêreld nuwe spore in 'n vreemde land gaan trap. *Ook daar sal sy engele* [hom] *op die hande dra, sodat* [hy sy] *voet teen geen klip stamp nie* (Ps. 91:12).

## Stof tot dankbaarheid

Elke mens is mos maar 'n produk van sy ouerhuis en die samelewing waarbinne hy grootgeword het. Wanneer jou kind in 'n vliegtuig op pad is na die anderkant van die wêreld, is jy dankbaar vir elke mens wat 'n aandeel in sy vormingsjare gehad het. En net daar, in die vertreksaal van die lughawe, terwyl ek die al hoe kleinerwordende vliegtuig agterna staar, stuur ek 'n dankgebed op vir my

kind se kleuterskooljuffrou wat hom van die Here Jesus geleer het. Ek sê dankie vir sy skool wat 'n verlengstuk van die ouerhuis was en "dankie Here" vir 'n vak soos Bybelonderrig en Christenonderwysers. Te midde van mense wat rondom my kom en gaan, bid ek verder:

**Dankie vir verbondsonderrig by die kerk.**

**Dankie vir elke verbondsonderrigvoorganger.**

**Dankie vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.**

**Dankie vir die Gideons vir die Bybel in sy tas en die Sakbybeltjie in sy rugsak. Dankie vir tegnologie en die Bybel in Afrikaans op die selfoon in sy hand.**

### Grootword is 'n normale verskynsel

Op pad van die lughawe af terug huis toe, besef ek dat dié Amerika-onderneming 'n normale deel van ons kinders se grootword is. In hierdie grootwordproses is dit vir elke mens noodsaaklik om sy staanplekkie in hierdie ou wêreld te vind. Hopelik weet hy wie hy is wanneer hy terugkeer, waarmee hy hom graag wil besig hou en waarheen hy op pad is. Toe óns hulle jare was, moes seuns nog twee jaar verpligte militêre diens doen, soms met baie traumatiese gevolge. Destyds was "die grens" vir ons ouers ook aan die anderkant van die wêreld en selfs ons oupas het die anderkant van die wêreld tydens die Tweede Wêreldoorlog beleef.

Liewe pa en ma:

- Knoop jou kind van kleins af aan die Here vas.
- Bid vir hulle: ... *die gebed van die regverdige hoor Hy* (Spr. 15:29).
- Wees dankbaar vir elke Christengelowige se voorbeeld in jou kind se lewe.
- Laat jou kind toe om sy/haar vlerke te sprei: *Hy sal* [ons kinders] *dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal* [hulle] *skuil* (Ps. 91:4).☺

---

Vervolg vanaf bl. 34

## Oorlogstydse Radio Zeesen

Die Smuts-regering het AN Wilson aangestel om die Zeesen-propaganda te beantwoord. Wilson was die seun van die redakteur van die Cape Times en aan die Rand Mines-groep verbonde. Hy is in Suid-Afrika gebore, maar kon nie Afrikaans praat of verstaan nie. Die Zeesen-uitsendings moes daarom in Engels vertaal word sodat hy 'n antwoord daarop kon skryf. Dit is dan terug in Afrikaans vertaal en elke aand vanaf 19:15 tot 19:30 deur die Afrikaanse diens van die SAUK uitgesaai. Vanweë Wilson se agtergrond het hy geen begrip vir die Afrikaner se geskiedenis en sy strewe na vryheid en 'n eie republiek gehad nie. Daarom was sy praatjies styf, emosieloos en nie baie geslaagd nie.

**Wilson het geglo dat as hulle die Zeesen-omroeper as 'n nie-Suid-Afrikaner en verraaier kan uitwys, hulle so sy geloofwaardigheid sal vernietig. Hy vra die publiek om te help om die Zeesen-omroeper te ontmasker. Baie name is ingestuur. Uiteindelik word die omroeper geëien as dr. SE (Erik) Holm.**

Hy het naby die Caledonrivier as Afrikanernasionalis grootgeword. Sy pa het aan Boerekant gedurende die Tweede Vryheidsoorlog geveg. Ná matriek studeer hy verder in Duitsland en behaal 'n doktorsgraad in Klassieke Argeologie. Hierdie onthullings het Holm se geloofwaardigheid by Afrikaners eerder versterk as afgebreek.

Toe die gegradueerde Holm terug in Suid-Afrika nie werk kon kry nie, keer hy terug na Duitsland waar hy voor die oorlog, by Radio Zeesen as omroeper gewerk het. Ná die oorlog het die Smuts-regering hom in Europa opgespoor en met 'n spesiale vliegtuig na Suid-Afrika gebring. Hier is hy van hoogverraad aangekla. As Afrikanernasionalis het adv. Oswald Pirow hom kosteloos verdedig. Op 2 Junie 1947 is hy skuldig bevind en tot tien jaar tronkstraf gevonnis. Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, is hy vrygelaat en was een van die vooraanstaande geleerdes in Klassieke Argeologie in Suid-Afrika.

Sy seun en kleinseun, albei Erik, het ook naam gemaak in die akademiese-, kultuur- en toneelwêreld. Vir duisende Afrikaners was "neef Holm van Zeesen" die verpersoonliking van die verset teen Smuts en sy pro-Britse regering. In hierdie opsig het hy bygedra tot die weerstand wat geleidelik teen die Smuts-regering opgebou het en uiteindelik tot die val van die regering in 1948 gelei het.☺

# Die **BSocSci**

'n sleutelkwalifikasie wat baie deure kan open by die

**AP Akademie**

AP AKADEMIE
Ou Spore - Nuwe Weë



## Vanaf **2024**

Met opsies soos:

- **Tale**
- **Kommunikasie**
- **Sosiale wetenskappe**
- **IT**
- **Sielkunde**
- **Onderwys**
- **Politiek**
- **Ekonomie**

---

**INSKRYWINGS IS REEDS OOP!**

---

Die AP Akademie bied in 2024 met trots die nuwe ten volle geakkrediteerde BSocSci-graad aan. Klasse word op kampus aangebied, waar studente verseker is van persoonlike aandag in 'n klassituasie.

---

Die Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe (BSocSci) is 'n algemene kwalifikasie, in dié opsig dat dit verskeie beroepsmoontlikhede open, op vlak 7 van die NKR. Dit beteken dat student met 'n BSocSci toegang tot verdere honneursstudie in die hoofstudierigtings sal kan kry.

## Die **BSocSci**

verwerf 'n unieke kwalifikasie deur student-wees met 'n ware kampusgevoel!

Vind meer uit:

**012 344 3960/1/2** **info@apa.ac.** **www.apa.ac.za**

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW
Registrasienommer: 2002/031756/08

By die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat tersiêre onder wysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997 Registrasiesert ifikaat Nr. 1999/HE08/001

# Vroue In Beweging

'n Inisiatief van die Solidariteit Beweging

SOLIDARITEIT BEWEGING

## Vroue is die hartklop van ons samelewing.

Vroue In Beweging is die volgende drie jaar op die agenda van Solidariteit Helpende Hand se FroueVonds. Ons wil al die instellings van die Solidariteit Beweging met al hulle insette en projekte inspan om hande te vat met ander vennote en vroue te bemagtig sodat hulle as sterker vroue na vore kan tree en 'n verskil in hul gemeenskap maak. Die onderskeie instellings se fokusareas verskil; elke instelling fokus op sy unieke terrein. Vroue In Beweging sal deel word van elkeen van hierdie fokusareas sodat al die instellings die verantwoordelikheid om vroue te bemagtig en ontwikkel kan deel. Saam sal ons vroue in hul gemeenskappe bemagtig om hul wilsbeweging tot aksie te laat oorgaan sodat hulle hul volle potensiaal as individue in 'n gemeenskap kan bereik.

### Dié fokusareas sluit die volgende in:

- **Die geloof van die vrou**
- **Die opleiding van die vrou**
- **Die werk en werksplek van die vrou**
- **Die geskiedenis van die vrou**
- **Die kultuur van die vrou**
- **Die gemeenskap waarin die vrou leef**
- **Die holistiese welstand van die vrou**
- **Mentorskappe vir vroue**
- **Netwerke en vennootskappe om vroue te bemagtig**

Besoek
www.vroueinbeweging.co.za vir meer inligting of
stuur 'n e-pos na frouevonds@helpendehand.co.za.

Instelling van die Solidariteit Beweging wat deel vorm van Voue In Beweging.

BEGROND Instituut vir Christelike Grondslagstudies · AfriForum teater · Solidariteit Beweging · Solidariteit Solidarity · FAK · Erfenisstigting · Helpende Hand Sake – Deel van die Solidariteit Beweging · Pretoria FM · AfriForum · Skole Ondersteuningsentrum · Akademia · Maroela Media · Sol-Tech · Ons Winkel

# TULIP

JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 176 • Oktober 2023



**In party kerke sal jy van TULIP hoor. Wat is dit? Die letters van die woord staan elkeen vir ’n groot Bybelse waarheid:**

**T** staan vir “**T**otal Depravity” of **TOTALE VERDORWENHEID**. Dit herinner ons dat ons so diep in die sonde geval het, dat dit ons gewoonte is om God en ons naaste te haat. God het alles volmaak geskape, ook die mens. Dit beteken dat ons Hom en mekaar op die regte manier kon liefhê. Maar Adam en Eva het gekies om nie na God te luister nie. Hulle het eerder na die duiwel se leuens geluister en hul sonde het gemaak dat alle mense nou sondaars is. Tog het God nog steeds baie genade. Hy keer dat ons nie baie meer en groter sondig nie.

**U** staan vir “**U**nconditional Election” of **ONVOORWAARDELIKE UITVERKIESING**. Dit help ons onthou dat God uit sy groot genade, gekies het om sekere mense te verlos en hulle die ewige lewe te gee, selfs al is hulle sondaars wat eintlik verdien om hel toe te gaan. Hy het hierdie sondaars uitverkies omdat Hy genadig is, nie omdat hulle so goed of oulik is nie. Ons kan niks doen om God se liefde of genade te verdien nie. Hy doen dit omdat Hy is wie Hy is. As jy ’n Christen is, is dit omdat God gekies het om jou een te maak.

**L** staan vir “**L**imited Atonement” of **BEPERKTE VERSOENING**. Dit help ons om te onthou dat God nie almal se Vader is nie. Slegs hulle vir wie die Here Jesus aan die kruis gesterf het, mag God hul Vader noem. Daar is mense wat sê dat die Here se verlossing aan die kruis genoeg was om vir die hele wêreld se sondes te betaal, maar dat jy net hierdie verlossing kry as jy dit by die Here Jesus gaan haal. So iets kan nie waar wees nie, want dit sou beteken dat die Here Jesus verniet vir party mense se sondes gesterf het. (Daar is mos mense wat sê dat hulle niks met die Here Jesus te doen wil hê nie.) Al het dit wat die Here Jesus gedoen het, oneindige waarde (m.a.w. ons kan nie meet hoeveel dit werd is nie), het Hy nét vir sy kinders se sondes gesterf. Hy het hul name voor die skepping in die boek van die lewe geskryf en toe Hy aan die kruis gesterf het, het Hy genoeg betaal om al sy kinders te red.

**I** staan vir “**I**rresistible Grace” of **ONWEERSTAANBARE GENADE**. Dit wys ons dat God se genade sterker as enige sonde is. Wanneer God jou liefhet en wil hê dat jy sy kind moet wees, dan sal Hy jou red. Al probeer ons die Here Jesus wegstoot, en al kry ons dit vir ’n tydjie reg, sál Hy ons sy kinders maak. Ons kan dit nie keer nie. Daar staan baie name in die boek van die lewe, en nie een een van hulle sal ooit verlore raak nie.

**P** staan vir “**P**erseverance of the Saints” of **DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES**. Dit is ’n manier om te beskryf dat God se kinders almal, tot aan die einde van hul lewens, gelowig sal bly. As jy eenmaal God se kind is, sal jy vir altyd God se kind bly. As iemand ophou om God se kind te wees, was hy of sy eintlik nooit regtig God se kind om mee te begin nie.

**Waarom is TULIP so belangrik dat ons vandag daaroor praat?**

1. Dit wys vir ons hoe groot God se liefde vir ons is. As Hy jou eers liefhet, kan niemand dit verander nie – nie eers jyself nie. Hierdie wete gee ons sekerheid en motiveer ons om elke dag ons geloof uit te leef.
2. Dit troos ons ook wanneer ons met ons eie sondes sukkel en dit vir ons voel of ons verlore is.

Groete, ds. Henning




# Die twaalf spioene
# (Númeri 13-14)



*© 2007 Gospel Light.*
*The Really Big Book of Bible Story Coloring Pages*

# GOD WERK VERTROUE IN ONS

*Opgestel deur Daleen Pienaar*




Geloof bestaan uit kennis (dit wat jy weet), oortuiging (dit waarvan jy versekerd is dat dit waar is) en vertroue (dit waarop jy staatmaak). Dit is egter baie belangrik om te weet dat God die bron van al drie is. (Erkenning: Ds. Henning Davel. *Onder Sy heerskappy*, 13 September 2022).

## DWARS

2. God is ons krag (Ps. 46:2)
7. Hulle kan maar raas (Ps. 46:7)
10. Die Here bring 'n einde daaraan (Ps. 46:10)
11. God verbrand dit met vuur (Ps. 46:10)
13. God verbreek dit (Ps. 46:10)
15. Erken dat Hy God is (Ps. 46:11)
16. Op die proef gestel, betroubaar (Ps. 46:2)
17. God laat sy stem hoor (Ps. 46:7)
18. Die berge skud (Ps. 46:4)
19. Heen en weer wankel (Ps. 46:3)

## AF

1. Deur vlamme vernietig (Ps. 46:10)
3. Om bang te wees (Ps. 46:3)
4. God slaan dit stukkend (Ps. 46:10)
5. Dit bewe onder God se stem (Ps. 46:7)
6. Hy was deel van die tempelsangers (Ps. 46:1)
8. Om te kyk na God se dade (Ps. 46:9)
9. Hulle maak die Godstad bly (Ps. 46:5)
12. Golwe van die see (Ps. 46:4)
14. God is ons ewige vesting en beskerming (Ps. 46:2)
15. Dui op die berge wat skud (Ps. 46:3)
16. Baie hoë heuwels wat wankel (Ps. 46:3)



Ester van Deventer

## DIE TWAALF SPIOENE (NÚMERI 13-14)

Die Israeliete het vir ’n lang tyd agter die wolkkolom en die vuurkolom aan getrek. Die HERE het hulle nou tot by die land gebring wat Hy vir Abraham, Isak en Jakob belowe het. Hulle was nou so naby. Moses het twaalf mans vooruitgestuur om te gaan kyk hoe die land Kanaän, die Beloofde Land, lyk. Almal was baie nuuskierig. Die Israeliete het vir veertig dae gewag en toe het hulle teruggekom. Twee van hulle het ’n groot druiwetros gedra.

“Kyk net!” het die Israeliete uitgeroep, “lyk dit nie heerlik nie. Groei daar baie sulke druiwe in Kanaän?” Hulle het hul lippe begin aflek.

“Ja,” het die mans gesê, “daar is heerlike vrugte. Maar daar is ook sterk stede wat deur dik mure omring word. En die mense wat in die stede bly is lank en sterk – hulle is reuse!” Die Israeliete het benoud met mekaar begin gesels. “Reuse! Ons kan mos nie teen reuse baklei nie. Die reuse gaan nie vir ons bang wees nie. Hoe gaan ons hulle kan oorwin as hulle boonop sterk mure om hul stede gebou het!” Die Israeliete het skielik baie bang geword. Hulle was nie meer so opgewonde nie.

“Wag ’n bietjie!” het Kaleb geroep. Hy was een van die spioene wat Moses gestuur het om na Kanaän te gaan kyk. “Ons hoef nie bang te

wees nie. Die Here het mos belowe dat Hy hierdie land aan ons gee. Die Here sal mos nie iets belowe en dit nie doen nie."

"Dit is reg," het Josua gesê. Hy was nog een van die twaalf mans wat Moses na Kanaän gestuur het. Josua en Kaleb het ook die gevaar gesien, maar hulle het onthou wat die Here met die Egiptenaars gedoen het. Die ander tien spioene het hul koppe bang geskud.

"Ons is nie sterk genoeg om hierdie soldate te wen nie!" Al was almal vroeër opgewonde, was hulle nou skielik bang. Hulle het na Moses gedraai en met hom begin stry.

"Ag!" het hulle vir Moses gesê, "het ons maar in Egipte doodgegaan. Maar nou het die Here ons na 'n land gebring waar daar reuse is. Ons is maar soos sprinkane voor hulle. Wil die Here hê dat ons almal deur hulle doodgemaak moet word?" Kaleb het probeer om hulle stil te maak.

"Ons hoef nie bang te wees nie," het hy gesê, "die Here is baie groter as hierdie reuse en Hy is aan ons kant." Maar hulle wou nie luister nie. Hulle was so bang dat hulle besluit het om eerder van Moses te vergeet en 'n ander leier te kies wat hulle kon help om terug te gaan Egipte toe. Hulle wou sommer ook vir Josua en Kaleb met klippe doodgooi! Die Here het die Israeliete se gekerm gehoor.

"Waarom vertrou hulle My nie?" het die Here vir Moses gevra. "Omdat hulle My nie vertrou nie en maak asof Ek hulle in die steek gaan laat, gaan Ek hulle straf en hulle vernietig!" het die Here gesê. Moses het bang geword. Die Here was kwaad. Die Israeliete het dan gemaak asof God 'n leuenaar is wat nie vir sy kinders sorg nie.

"Asseblief nie, Here," het Moses gepleit. "Die Egiptenaars sal lag as U u eie kinders in die woestyn laat doodgaan. Hulle sal sê dat U hulle nie in die Beloofde Land kon laat ingaan nie." Moses het lank by die Here gepleit dat Hy hul sondes moet vergewe en hulle nie moet straf soos wat hulle eintlik verdien om gestraf te word nie. Die Here het na Moses se gebed geluister.

"Ek sal hulle nie almal vernietig nie," het Hy gesê. "Omdat hulle op My vertrou het, sal Josua en Kaleb bly lewe, maar die ander tien mans moet sterf." Die Israeliete kon ook nie dadelik in Kanaän intrek nie. "Vir elke dag wat hulle in Kanaän was, moet julle nou 'n jaar langer in die woestyn bly. Daarom moet julle nou vir veertig jaar wag voordat julle hierdie spesiale land sal kry."

Dit was hul straf omdat hulle nie op God vertrou het nie.



# Help!

## Ek is bang ek gaan hel toe

**DORDTSE LEERREËLS (HOOFSTUK 1 PARAGRAAF 16)**




Ons hoor dikwels dat God sommige mense kies en dat Hy die mense wat Hy kies, van hul sondes skoon was en hulle die ewige lewe gee. Ons hoor ook dat die Here sommige mense verwerp. Dit beteken dat Hy besluit het om hulle nié te red nie. Dit kan ons soms baie bang maak.

> **Sê nou maar ek is nie gekies nie; sê nou maar my geloof is te swak, sê nou maar ek is te ongehoorsaam; sê nou maar ek sukkel om die Here te loof en te prys; sê nou maar my gewete bly my pla – gaan ek dan hel toe? Is dit dan te laat vir my?**

Voel jy so? Lees dan asseblief mooi wat ek hier skryf: Jy hoef nie moedeloos te word nie. Daar is geen rede waarom jy hoef te dink dat God jou weggegooi het nie. Die eerste ding wat ons moet verstaan is dat die Here sekere dinge gegee het om ons te help dat ons geloof kan groei sodat ons gewetens ons nie sal bly pla nie.

- Hy het vir ons die Bybel in Afrikaans gegee sodat ons die goeie nuus van die Here Jesus maklik kan verstaan.
- Hy het vir ons kerke gegee sodat ons saam met ander gelowiges van die Here kan leer.
- Hy het ons geleer hoe om te bid sodat ons met Hom kan praat: *Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word* (Mt. 7:7-8).

Die Here het hierdie goed gegee om jou na Hom toe te help bring. Hy wag vir jou! Hy stuur ook sy Heilige Gees om jou hart nuut te maak. Daarom, selfs al is jou geloof nog nie soos wat dit moet wees nie, moet jy hierdie goed bly gebruik tot op die dag van groter genade wanneer jy God beter sal ken.

**Hoor mooi:** Deur die Here se genade kan jy uitsien na 'n dag wanneer jy nie meer so onseker gaan voel nie. God leer ons nie van die uitverkiesing om ons bang te maak nie, maar juis om ons rustigheid en sekerheid te gee. Hy leer ons van die uitverkiesing sodat ons kan weet dat as Hy ons eerste syne gemaak het, niemand ons van Hom af kan wegvat nie. Daarom, al is jou geloof soos 'n kers se vlammetjie wat baie flou brand en al voel jou gehoorsaamheid soos 'n riet wat geknak is en nie meer regop kan staan nie – hou moed! *Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie ...* (Jes. 42:3).

**Hoor mooi: Die Here sal dié wat na Hom toe kom nie verlore laat gaan nie. As jy na God soek, is dit 'n teken dat Hy lankal in jou hart begin werk het en dat Hy jou gekies het om sy kind te wees. Hou aan tot jy Hom kry – jy sal nie spyt wees nie!**

Ons kan saam met die pa in Markus 9:24 bid: *Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!* Tog moet ons ook verstaan dat God se uitverkiesing en verwerping 'n ernstige waarskuwing is vir hulle wat Hom nie soek nie. Vir hulle wat nie oor hul geloof omgee nie, wag daar 'n vreeslike einde – in die ewige hel.